## HOOFSTUK 2

# SKRIFTUURLIKE BEGRONDING

### 2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

#### 2.1.1 Die Skrif as primêre bron

In die Gereformeerde kerkreg, soos in alle ander dele van die Gereformeerde teologie, staan die Woord van God in die sentrum. Die Skrif is die primêre bron; in 'n sekere die enigste bron[1]. Die belydenisskrifte en liturgiese geskrifte, die geldende kerkorde en geskrifte van canonici is hulpbronne omdat en vir sover hulle met die enigste bron – die Skrif – ooreenstem. In dieselfde sin bied die reëls van natuurlike geregtigheid (*ius naturale*) 'n algemene verwysingsraamwerk waarmee in die bestudering en beoefening van die kerkreg voortdurend rekening gehou moet word[2].

Deddens[3] merk in verband met die Skrif as primêre bron vir die kerkreg op dat 'het zoeken en vinden van het recht, het toepassen van't recht zulk een hoge en heilige zaak is, dat we zonder de voortdurende leiding des Geestes daartoe onbekwaam zijn. Daarbij sluit zich onmiddellijk aan als onmisbaar vereiste: kennis van het Woord des Heeren. Geen studie en uitwerking van 'regeltjes' los van het Woord. Maar bij alle beoefening en toepassing van het recht in Christus' kerk moet de Schrift het eerste en laatste woord hebben: heel de Kerkenorde, alle overeengekomen bepalingen dienen bezien en toegepast te worden in het licht van het Woord'.

#### 2.1.2 Skrifhantering

Die vertrekpunt dat die Skrif as primêre bron vir die bestudering van die Gereformeerde kerkreg in die algemeen en hierdie studie in besonder dien, vereis nadere uitleg. Van't Spijker[4] waarsku teen 'n biblisistiese Skrifberoep in die kerkreg. 'n Biblisistiese Skrifberoep kom daarop neer dat 'n stelsel of 'n gebruik met 'n enkele Bybelvers of -verse geregverdig word. Van't Spijker[5] waarsku tegelyk teen fundamentalisme in die kerkreg. Fundamentalistiese Skrifgebruik vind sy vergestalting in 'n reduksie van die Skrif tot enkele fundamentele

**Verwijderd:** m

[1] Van't Spijker, 1998:23
[2] Douma, 1990:26-28; Blok, 1990:772; sien hoofstuk 4.4.5.2.1, waar die reëls van die *ius naturale* met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg en kerkregering bespreek word.
[3] Deddens, 1953a:227
[4] Van't Spijker, 1998:37
[5] Van't Spijker, 1998:39

waarhede. Reduksie van waarhede is deurgaans willekeurig. Bepaalde Skrifdele word bo ander verhef en buite konteks geplaas.

Met betrekking tot regte Skrifhantering merk Te Velde[6] op dat daar voortdurend besin moet word oor en herinner moet word aan die hermeneutiese vrae wat grondliggend aan die kerkreg is. Te Velde gaan eweneens daarvan uit dat die Skrif die bron van besinning is. Maar hoe? Die Skrif mag nooit misbruik word deur op 'n simplistiese manier reëls daaruit af te lees en dit dan klakkeloos in huidige omstandighede toe te pas nie. Te Velde pleit daarvoor dat daar in kerkreg, soos in alle ander teologiese arbeid, konsekwent verder gedink moet word. Die Skrif moet met 'n gehoorsame lewe beantwoord word. Met die oog daarop moet konkrete omstandighede in die huidige tydsgewrig met sy eise deeglik verreken word. Bybelse antwoorde vir kerkreg in gegewe omstandighede kan nie sommer 'één op één' uit die Skrif afgelei word nie.

Verdam[7] wys eweneens op die gevaar van 'n oorvereenvoudigde 'één op één' toepassing van die Skrif. In 'n referaat oor die toepassing en bestudering van die Mosaïese reg beklemtoon hy die uniekheid van die Mosaïese wet. 'Veel meer dan juridische wet in de tegenwoordige zin, was de Mozaïsche wet meer een instruerend en onderwijzend geheel van regels, mee omdat daarin niet alleen wat wij rechtsleven noemen in betrokken wordt, maar het gehele leven besproken wordt'. Verdam wys daarop dat daar in die struktuur van die Mosaïese wet geen sorgvuldige onderskeiding tussen burgerlike, strafregtelike en staatsregtelike voorskrifte in die moderne sin van die woord gemaak word nie. Regsvoorskrifte met religieuse en morele bepalings is ineengeweef. Verdam waarsku teen pogings om met moderne regsbegrippe die wetgewing van Moses te deurvors. In so 'n geval word sowel die eie struktuur van die Mosaïese reg as die blywende waarde van die Ou Testament misken.

Verdam[8] onderstreep voorts die belang van die feit dat die rabbyne die wet van Moses aangevul het, en dat Christus die wet van Moses vervul het. In die dae van Christus se omwandeling op aarde het die Mosaïese wet steeds besondere krag gehad. Dit is deur die rabbyne uitgelê en toegepas en met reëls aangevul. Die rabbynse invulling en aanvulling van die wet het 'n moderner wetgewing tot stand gebring, waaraan Jode buite Palestina eweneens gebind is. Tegnies-juridies word die wet van Moses met die skeuring van die tempelgordyn op Goeie Vrydag vervul. *De facto* het die vervulling van die wet van Moses eers later gestalte

[6] Te Velde, 2004c:125
[7] Verdam, 1956:4
[8] Verdam, 1956:6-7

gekry: Handelinge 15. Daar is 'n binding aan die wet van Moses, maar op 'n unieke wyse. Die vryheid in Christus, wat die wet van Moses vervul het, staan in die sentrum[9].

Toegepas op die bestudering en hantering van appèlreg, is dit volgens Te Velde[10] belangrik om allereers gehoorsaam na die Skrif te luister, maar ook om te hoor wat gelowiges deur alle eeue oor dieselfde onderwerp gesê het, en ten slotte om fyn na die eise van die moderne samelewing te luister. Te Velde identifiseer gevolglik drie luistergebiede: die Skrif, die kerk en die leefwêreld. Al drie word deur die Gees van God omspan. Te Velde[11] kom tot die slotsom dat, wie met inagneming van die drie luistergebiede te werk gaan, bemerk dat daar geen outomatiese antwoorde op vrae is nie. Hermeneuse is 'n voortdurend voortgaande beweging. Telkens weer kom die vraag na vore: wat wil die Here hier en nou?

Met betrekking tot die Skrifstudie wat volg, sal in gedagte gehou word:

- wat die direkte konteks (religieus-regtelik, siviel-regtelik, maatskaplik, sosiaal) is waarbinne 'n Skrifgegewe staan en verstaan moet word;
- wat die historiese ontwikkeling is wat bepaalde wette en vorme van regspraak ondergaan het;
- hoe 'n Ou Testamentiese gegewe in Christus vervul is (heilshistoriese lyn);
- op watter wyse die in-Christus vervulde Ou Testamentiese gegewe in die Nuwe Testament en vandag van toepassing is.

### 2.1.3 Werkwyse

Op die basis van bogenoemde gaan gepoog word om vas te stel wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is[12].

***Algemene Skrifondersoek***

Omdat die sleutelbegrippe appèl en regsherstel, soos wat dit in hierdie studie gebruik word, nie as sodanig in die Skrif voorkom nie[13], sal daar eerstens 'n *algemene* Skrifondersoek gedoen word.

- In verband met appèl gaan veral aan die begrip 'beroep doen op' aandag gegee word (paragraaf 2.2.3).
- In verband met regsherstel word op die begrip 'versoening' gefokus (paragraaf 2.2.4).

---

[9] Verdam, 1956:11; vergelyk ook Artikel 25 NGB
[10] Te Velde, 2004c:126
[11] Te Velde, 2004c:127
[12] Sien probleemstelling 1 onder hoofstuk 1.2 en die eerste navorsingsvraag onder hoofstuk 1.4.2.
[13] Sien paragraaf 2.4.1

- Die twee sleutelbegrippe word binne die breë Skrifkonteks van reg, geregtigheid en regspraak nagegaan (paragrawe 2.2.1-2.2.2).

Dit is uiteindelik en ten diepste die bedoeling om die onderlinge verband tussen al die begrippe aan te toon en vas te stel hoe 'beroep doen op' en 'versoening' in die Godgegewe reg en regspraak ingebed en verweef is en as grondslag vir die regter se regspraak ten opsigte van 'n verontregte gelowige behoort te dien.

***Besondere Skrifondersoek***

In die tweede, die *besondere* deel van die Skrifondersoek word op vyf hoofsake[14] gefokus:

- Die *verontregte* en die teenparty (paragraaf 2.3.1).
- Die vermeende *onreg* wat hom aangedoen is (paragraaf 2.3.2).
- Die *regter* (paragraaf 2.3.3).
- Die proses van *regspraak* (paragraaf 2.3.4).
- *Regsherstel* as doel en gevolg van regspraak (paragraaf 2.3.5).

Spesifieke vrae wat by elke hoofsaak beantwoord word, is:

- Wat is die verontregte se reg op, motief vir en doel met regspraak?
- Wanneer kan/mag iemand van verontregting kla?
- Wie is die regter?
- Watter norme geld vir regspraak; hoe moet die norme in praktyk gebring word?
- Hoe moet regspraak tot regsherstel bydra?

## 2.2 ALGEMENE SKRIFONDERSOEK

### 2.2.1 Reg en geregtigheid

#### 2.2.1.1 Reg en geregtigheid in die Ou Testament

Reg (*tsedeq*) en geregtigheid (*tsedaqah*) is juridiese begrippe met 'n ryk, positiewe inhoud[15]. Dit wys in die eerste plek op God, wat 'n regverdige Regter (*sjofet tsadiq*) genoem word[16].

---

[14] Die vyf hoofsake wat hier genoem word, loop soos 'n goue draad deur die hele studie (vergelyk hoofstuk 4.4 en 5.4).

[15] Snaith, 1947:69; Pop, 1984:237; Te Velde, 1994a:580

[16] Psalm 7:12; vergelyk De Kock, 1982:5

Omdat God reg is[17], en daar in Hom geen onreg is nie[18], eis Hy dat sy volk reg sal doen[19]. Die volk moet die reg najaag wat van God uitgaan[20].

God se reg staan objektief vas, in dié sin dat Hy bepaal wat reg is[21]. God maak sy reg aan die mens bekend. Die mens word geroep om God se reg in gehoorsaamheid aan Hom te bedien. Bediening van reg hou in dat daar ooreenkomstig die wil van God reg gedoen word aan iemand wat onreg ly.

Die juridiese begrippe reg en geregtigheid is tipiese verbondsbegrippe[22], wat op aktiewe toepassing van God se verbondsgenade, -eis en -wraak dui[23]. God se geregtigheid is gerig op die beveiliging van die lede van die verbondsvolk[24], die voorreg dat elkeen die vrug van sy arbeid kan geniet[25], die eis dat geen mens belaster mag word nie[26], die reg van 'n verarmde om weer as 'n vry mens in die samelewing te beweeg[27], die beskerming van minderbevoorregtes, armes en gestremdes[28]. Lede van die verbondsvolk het kragtens die verbond die voorreg om op God se geregtigheid aanspraak te maak. Dit kom veral na vore in die selfstandige naamwoord *dhîn*, wat nou aansluit by *tsedeq*[29]. *Dhîn* dui op 'Rechtsanspruch, Rechtstreit, Rechtsfrage, Rechtspruch, Urteil'[30].

Oor die effek van God se reg en geregtigheid skryf Smit[31]: 'YHWH se reg en geregtigheid akkommodeer ook betekenisaspekte van die begrippe herstel, normaliseer, en ophef in verskeie kontekste … Deurdat YHWH sy volk in 'n verbondsrelasie betrek, normaliseer hulle hele lewe, deurdat dit opgehef word tot die vlak wat dit behoort te wees: die vlak van vrede met God vanweë toegewyde gehoorsaamheid aan sy heerskappy'. Smit wys aan die hand van Genesis 30:6 en Deuteronomium 32:36 daarop dat God 'n gebroke, ontoereikende situasie deur sy *tsedeq* in die teendeel verander. God se geregtigheid is gerig op verlossing[32] en

[17] Deuteronomium 32:4
[18] Psalm 92:16
[19] Esegiël 18:5-9
[20] Deuteronomium 16:20
[21] Te Velde, 1994a:580
[22] De Kock, 1982:5; Lion-Cachet, 1994:254
[23] Pop, 1984:238
[24] Eksodus 21:28-31; Deuteronomium 22:8
[25] Levitikus 19:13; Deuteronomium 24:14
[26] Deuteronomium 19:15-19
[27] Deuteronomium 15:12-18
[28] Deuteronomium 23:19
[29] Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:201
[30] Koehler en Baumgartner, 1958:208
[31] Smit, 1984a:166
[32] Snaith, 1947:69

vergewing van sonde. As vergewing van sonde tot die beloofde behoud van die volk lei, is die vergewing as sodanig 'n bewys dat God sy reg handhaaf[33]. God soek lewe vir sy volk[34].

In die Ou Testament word die komende Messias verwag as die beloofde Koning wat die onreg, wat as gevolg van sonde ontstaan het, herstel[35]. Die beloofde Messias sal reg doen aan verdruktes en Hy sal aan die regverdiges gee wat hulle van Godsweë beloof is[36]. Deur die Messias sal Jahweh se reg oor die hele wêreld werklikheid word en nie net tot Israel beperk bly nie[37]. Die vrug van die Messiaanse regsherstel is 'n toestand van geregtigheid (*tsedaqah*) waarin die Godsvolk sal leef[38].

Wat laasgenoemde betref is daar 'n duidelik omlynde eskatologiese verwagting vir die gelowige wat God se reg handhaaf[39]. Die regverdige sal, danksy God se geregtigheid, deur die geloof lewe[40]. Die hoop van die gelowige is dat God ongetwyfeld sál laat reg geskied[41].

#### 2.2.1.2 Reg en geregtigheid in die Nuwe Testament

Die Griekse begrippe *dikaios*, *dikaiosune* en *dikaiôo* is ontleen aan die stam *dik*, wat 'rigting gee, koers aanwys' sowel as 'dit wat aangewys is' beteken[42]. Die begrip *dikaio* het 'n bepaalde ontwikkeling ondergaan, wat soos volg saamgevat kan word: 'What is established becomes a state of manner, so that *dikê* means: a. what is customary, b. what is proper, and c. what has to be. 2. Legally, what is established is what is laid down by law as a. law, b. legal case or plea or decision, and c. punishment'[43]. *Dikê* is verwant aan die werkwoord *deiknumi*, wat 'aantoon, aanwys, openbaar maak, bewys, duidelik maak' beteken[44].

Die naamwoord *dikaios* dui op 'regverdig, billik, ooreenkomstig sedes en regte, eerlik, gelykwaardig, onpartydig, goed, wettig, eksak, korrek'[45]. *Dikaios* sluit inhoudelik aan en bou voort op die reg in die Ou Testament[46].

[33] Pop, 1984:239
[34] Psalm 51:16; Psalm 143:1,2; Miga 7:9
[35] Koch, 1979:526; De Kock, 1982:4
[36] Jeremia 23:6; Jesaja 11:3-5; Psalm 72:12-14
[37] Koehler en Baumgartner, 1958:794; Pop, 1984:239
[38] Jesaja 1:26-31; Daniël 9:24; vergelyk Koch, 1979:526,527
[39] Pop, 1984:239
[40] Psalm 37:29; Habakuk 2:4
[41] Psalm 42:12
[42] Muller en Thiel, 1969:200; Bromiley, 1985:168-169
[43] Bromiley, 1985:169; Danker, 2000:250
[44] Cremer, 1915:295; Muller en Thiel, 1969:171
[45] Schrenk, 1950:184-186; Muller en Thiel, 1969:199; Danker, 2000:246-247
[46] Schrenk, 1950:190

God is *dikaios.* Hy is regverdig in sy oordele[47]; sy gebooie is regverdig en goed[48]. God se reg word die duidelikste in die soendood van Jesus Christus sigbaar[49]. God doen reg wanneer Hy oordeel én wanneer Hy red[50].

Die Messias is dié Regverdige[51]. So is daar van Hom geprofeteer[52], en so het Hy in Israel bekend geword – selfs onder die heidense Romeine. Pilatus se vrou noem Hom 'die regverdige man'[53]. Schrenk[54] toon aan dat die *dikaiosune* van die Messias in die eerste plek beteken dat Hy God se Raad vervul het[55]. Dit beteken verder dat Hy, die Sondelose, vir sondige mense gesterf het[56]. As Regverdige verkondig die Messias God se reg, en roep Hy sy luisteraars tot geregtigheid op[57]. In Openbaring 19:11 word bekend gemaak dat Christus, die regverdige Regter, kom om in geregtigheid te oordeel[58].

*Dikaiosune* wys op die staat van geregtigheid en regverdigheid wat langs die weg van regspleging tot stand kom[59]. *Dikaiosune* is 'n heilsgawe van God[60]. Die algemeen juridiese betekenis van *dikaiosune* is regsherstel by wyse van toekenning van dit wat verskuldig is[61].

In die Skrif val die klem eerstens op God se geregtigheid[62]. Die Septuagint gebruik die woord *dikaiosune* konsekwent vir die Hebreeuse *tsedaqah*[63]. Soos *tsedaqah*, is *dikaiosune* 'n verbondsbegrip. Binne die raamwerk van verbondsgenade, -eis en -wraak dui *dikaiosune* op Goddelike oordeel. Die geregtigheid van die mens bestaan daarin dat hy om Christus wil van skuld verlos en vrygespreek word, en opnuut in die regte verhouding tot God te staan kom[64]. Schrenk[65] noem dié handeling van God 'forenschische Gerechtsprechung': regspraak wat in die hof gelewer word.

---

[47] 1 Petrus 2:23; Openbaring 16:5
[48] Romeine 7:12
[49] Romeine 3:21-26; vergelyk Pop, 1984:240
[50] 1 Johannes 1:8-10
[51] Vergelyk Cremer, 1915:210; De Kock, 1982:5
[52] Jeremia 23:5; Sagaria 9:9
[53] Matteus 27:19
[54] Schrenk, 1950:190-191
[55] Handelinge 3:13, 14 en 7:52
[56] Matteus 27:4
[57] Matteus 5-7; Johannes 5:30
[58] De Kock, 1982:5
[59] Muller en Thiel, 1969:199
[60] Cremer, 1915:311; Danker, 2000:247-249
[61] Schrenk, 1950:195
[62] Onder andere Romeine 3:25; 2 Korintiërs 5:21
[63] Schrenk, 1950:197
[64] Romeine 4:22
[65] Schrenk, 1950:207

Sonder geloof in Christus, dié Regverdige, kan daar geen *dikaios* wees nie[66]. 'Man wird aber dadurch ein *dikaios*, dass man die enthüllte *dikaiosune Theou* und *soteria* im Glauben empfängt … Der *dikaios* ist der durch Glauben Gerechtfertigte'[67]. Dit is slegs genade om geregtigheid van God in en deur Christus te ontvang[68]. Bromiley[69] merk op grond van Titus 3:5 op: 'Salvation is by divine mercy, not in virtue of deeds that we have done in righteousness'. Die balans tussen reg en genade is Godgegewe en uniek. 'Justice and grace are actively united for all time and at the deepest level. This means that antinomian laxity is excluded, for forgiveness is an act of judgment which expresses God's uncompromising No to sin. God's righteousness is judical and gracious at the same time in the one act of salvation in Christ'[70].

Die werkwoord *dikaiôo* dui in die eerste plek op 'n daad van God waardeur hy sondaarmense van skuld en straf vryspreek. Pop[71] merk in dié verband op: 'de zondaar krijgt, wat hem om Christus' wil toekomt; hij geldt nu voor God als een rechtvaardige = als een, die niet langer in de schuld staat … God behandelt hem ook als een rechtvaardige en laat hem delen in zijn gunsten en liefde. Hij rekent hem gerechtigheid toe (Romeinen 4:6), en gaat met hem om in goedheid en vrede (Romeinen 5:1)'.

### 2.2.2 Regspreek en regspraak

#### 2.2.2.1 Regspreek en regspraak in die Ou Testament

Tussen reg (*tsadiq*) en regspreek (*sjafat*) is daar 'n noue verwantskap[72]. Dikwels word *tsadiq* en *sjafat* in dieselfde sin of konteks gebruik[73].

God, die Koning en Regter van die hele aarde[74], is Gewer en Handhawer van reg[75]. Op Sinai het Hy sy reg binne die ruimte van die verbond bestel. Aan daardie reg bind God Homself[76] én sy verbondsvolk. Goddelike *misjpat* is geen abstrakte norm nie. Dit is, soos *tsedaqah*, 'n verhoudingsbegrip, 'der die Beziehungen innerhalb einer bestimmten Gemeinschaft regelt und

---

66 Galasiërs 2:21
67 Schrenk, 1950:193
68 Pop, 1984:241
69 Bromiley, 1985:173
70 Bromiley, 1982:173; vergelyk ook Cremer, 1915:316; Schrenk, 1950:207
71 Pop, 1984:240-241
72 Snaith, 1947:74
73 Onder andere in Psalm 7:12; Psalm 143:1,2; Jesaja 11:4; Esegiël 18:8
74 Genesis 18:25; Psalm 99:1
75 Job 8:3
76 Deuteronomium 32:4

nur von seiner Geltung in dieser Gemeinschaft her verstanden werden kann'[77]. Gevolglik mag regters van die verbondsvolk niks anders as net God se reg bedien nie[78]. Regters is nie wetgewers nie, maar wethandhawers en wetstoepassers[79]. Profete in Israel, onder andere Maleagi[80], moet die volk en die regters by herhaling daaraan herinner dat God die Regter is wat op die dag van die HERE finaal gaan oordeel[81].

In Psalms 7:9, 26:1, 35:24 en 43:1 word die imperatiewe vorm van die werkwoord *misjpat* met die eerste persoon-suffiks verbind. In al vier gevalle dui dit op 'n besonder sterk persoonlike aanspraak op God om in te gryp in die nood van 'n enkeling: doen aan my reg, o God! Daar word 'n appèl op God gedoen om die saak vir die verontregte op te neem, regspraak te lewer en die versteurde reg te herstel[82]. Roeleveld[83] merk in verband met die woordgebruik in hierdie vier Psalms op dat dit 'het beroep is van de verongelijkte om rechtsbijstand. In bijzonder geldt dit voor de nood van weduwe, arme en vreemdeling die in de praktijk van het leven achteruitgezet worden'. Liedke[84] skryf met betrekking tot die gebruik van *sjafat* in Psalm 7:9, Psalm 43:1 en Klaagliedere 3:59: 'So wird verständlich, dass der (sich unschuldig wissende) Angeklagte den Richtenden um das *sjafat* im Rahmen der Appellation bittet: wer die schlimmen Folgen eines gestörten Verhältniss zu tragen hat, der bittet *sjofteni* "schaff mir Recht!".'

Die selfstandige naamwoord *misjpat* dra 'n dubbel betekenis: regering en regspraak[85]. Beide geskied ooreenkomstig 'n vasstaande bepaling, waarvan nie afgewyk moet word nie en waaraan almal gebind is[86]. *Misjpat* kan ook as selfstandige naamwoord op iemand se reg, of dit waarop iemand reg het, dui[87]. Koehler en Baumgartner[88] verwys op grond van Jeremia 32:7 na die betekenismoontlikheid van 'aanspraak op reg' (*Rechtsanspruch*). Roeleveld[89] beklemtoon die religieus-etiese sfeer waarin regspraak moet geskied. Met verwysing na Jesaja 1:17 stel hy: 'Richten en helpen zijn in het Hebreeuws parallelbegrippen. Richt de wees betekent: help hem in zijn recht'.

[77] Herntrich, 1950:925
[78] Pop, 1984:420; Te Velde, 1994a:580-581
[79] 2 Konings 23:1-3; 2 Kronieke 19:5-7; Nehemia 8
[80] Maleagi 2:6-8 en Maleagi 3
[81] Pop, 1984:421
[82] Kraus, 1960:59, 215, 278, 321
[83] Roeleveld, 1972a:49
[84] Liedke, 1979:1002
[85] Herntrich, 1950:922
[86] Pop, 1984:419
[87] Psalm 119:132; Jeremia 32:8; vergelyk Holladay, 1971:221
[88] Koehler en Baumgartner, 1958:580
[89] Roeleveld, 1972a:49

Die werkwoord *sjafat* 'bezeichnet ein Handeln, durch das die gestörte Ordnung einer (Rechts)gemeinschaft wiederhergestellt wird. Die *sjafat*-Handeln findet statt in einem "Dreiecksverhältnis": zwei Menschen oder zwei Grupen von Menschen, deren Verhältnis zueinander nicht intakt ist, werden durch das *sjafat* eines Dritten oder Dritter wieder in den Zustand des sjalom gebracht. *Sjafat* geschieht, indem die Ursache der Störung zwischen X und Y durch den Richtenden beseitigt wird'[90]. So word die vergadering verplig om te oordeel (*misjpat*) tussen hom wat doodgeslaan het en die bloedwreker[91]. Jefta roep die HERE as Regter in om te oordeel (*sjafat*) tussen hom en die volk Israel[92]. Jesaja profeteer dat die HERE sal oordeel (*sjafat*) tussen die nasies, en regspreek oor baie volke.

Snaith[93] toon die verband tussen *misjpat* (regspraak) en *torah* (wet) aan. Sowel *misjpat* as *torah* is in die Ou Testament as die finale Woord van Jahweh beskou. As 'n priester of profeet vir 'n uitspraak insake geloof of lewenswandel gevra word, word geag dat dié uitspraak 'n bevel van God op daardie spesifieke punt is. As die vraag wat ter sprake is nog nooit voorheen gevra is nie, nader die profeet of priester God in gebed. Die antwoord van God op die gebed word aan die vraagsteller gekommunikeer as definitiewe opdrag van God. Dit is 'n *torah*[94] genoem. As dieselfde vraag weer gevra word, was dit nie nodig vir 'n besondere openbaring by wyse van 'n droom of 'n visioen nie. Die profeet of priester verwys na die vorige Godsuitspraak (*torah*), wat dan 'n *misjpat* word. *Torah* en *misjpat* is sinoniem in soverre beide van God afkomstig is. Hulle verskil in dié opsig dat *torah* (in die vroeëre Ou Testament) op 'n oorspronklike uitspraak wys, terwyl *misjpat* op 'n menslike uitspraak ooreenkomstig die *torah* wys. Sodanig kan van *misjpat* as 'n 'manner, custom'[95] gepraat word. Wanneer *misjpat* op 'right, privelege, due' wys[96], dui dit op 'n reg soos wat dit deur gewoonte vasgestel is. Snaith[97] kom tot die slotsom dat reg (*tsadiq*, *dikaiosune*, *iudicium*) direk van God afkomstig is. God gee sy *torah*, wat deur die regters by wyse van *misjpat* toegepas moet word.

#### 2.2.2.2 Regspreek en regspraak in die Nuwe Testament

*Krino* (regspreek), met al die verwante begrippe, moet binne die breër konteks van reg en oordeel in die Skrif gelees word, ten einde die omvang en diepte daarvan te peil[98]. Die werkwoord *krino* het die betekenis van 'skei, skif, onderskei, beslis, besleg, rig, oordeel, deur

[90] Liedke, 1979:1001
[91] Numeri 35:24
[92] Rigters 11:27
[93] Snaith, 1947:75
[94] Dit wat geleer is, 'n voorskrif
[95] 1 Samuel 2:13, 1 Samuel 27:11; 2 Konings 17:33
[96] Deuteronomium 10:18; 18:3
[97] Snaith, 1947:76
[98] Büchsel, 1950:920-922; Herntrich, 1950:922-933; Bromiley, 1985:469-471; Danker, 2000:567-569

beslissing iets aan iemand toeken (resultatief), ondersoek en ondervra (duratief)'[99]. *Diakrino* wys op 'n oordeel wat uitgespreek word nadat reg en onreg van mekaar geskei is[100].

Die medium-vorm *apokrinomai* beteken deurgaans 'antwoord', terwyl die aktiewe vorm op 'uitsonder, veroordeel' wys[101]. Die betekenis van *sunkrino* is om sake saam te voeg en met mekaar te vergelyk, te meet[102] en tot 'n slotsom te kom[103]. *Kritikos* is die manier, bevoegdheid, reg en vermoë waarmee 'n regter optree. *Anakrino* verwys na die regsproses, wat meestal die vorm van 'n geregtelike ondervraging aangeneem het, soos in Lukas 23:14 en Handelinge 4:19[104].

Die selfstandige naamwoord *krisis* kan oor die algemeen op beslissing of oordeel wys, maar het juridies die betekenis van 'geregtelike ondersoek, gerig, verhoor'[105]. Dit kan ook op die kwessie of geskil waaroor geoordeel moet word dui. In sommige gevalle wys dit op die regterskollege – byvoorbeeld Matteus 5:21 en 23:23 – wat die saak moet aanhoor, en die regsgevoel waarmee 'n saak hanteer word[106]. Die naamwoord *krima*, en ook die sterker vorm *apokrima*[107], is die finale 'beslissing, besluit, oordeel'[108].

Wanneer daar reggespreek word, geskied dit sonder aansien des persoons[109]. Alle mense, ongeag geloof of afkoms, selfs die Satan en sy duiwels, val onder een en dieselfde oordeel[110]. God spreek as Regter reg[111]; so-ook Jesus Christus wat as Regter in die eindoordeel optree[112]. Jesus Christus is sowel Verlosser as Regter: Verlosser in die hede, vir die wat in Hom glo[113], en Regter op die dag van eindoordeel[114]. Johannes die Doper – die wegbereider van die Messias[115] – en die Messias self[116] verkondig die effek van *krino*: ewige verlossing en ewige verdoemenis[117].

---

[99] Cremer, 1915:625; Muller en Thiel, 1969:419; Pop, 1984:424
[100] Cremer, 1915:633-634; Büchsel, 1950:948-951; Muller en Thiel, 1969:184
[101] Cremer, 1915:632-633; Büchsel, 1950:946
[102] Meting geskied aan die hand van God se Woord (1 Korintiërs 2:13 en 2 Korintiërs 10:12).
[103] Cremer, 1915:636-637; Büchsel, 1950:955; Bromiley, 1985:475
[104] Cremer, 1915:630-632; Büchsel, 1950:944-955; Bromiley, 1985:473-475
[105] Cremer, 1915:627-629; Danker, 2000:569
[106] Muller en Thiel, 1969:419
[107] 2 Korintiërs 1:9
[108] Cremer, 1915:629-630; Büchsel, 1950:947; Muller en Thiel, 1969:419; Danker, 2000:113
[109] Lukas 17:7-10
[110] Matteus 25:32; Johannes 12:31, 16:11; 2 Korintiërs 5:10
[111] Matteus 10:32-33
[112] Matteus 7:22-23
[113] Johannes 3:17
[114] Johannes 12:48
[115] Matteus 3:7-12
[116] Matteus 5:22-26, 10:28-33, 23:13, 24:50-51
[117] Büchsel, 1950:936

God se oordeel oor slegte werke word nou reeds sigbaar[118]; sy genade en goedheid skep ruimte vir berou en bekering[119]. Die finale oordeel op grond van regspraak is nog toekomstig. Tussen die oordeel hier en nou en die eindoordeel is daar 'n direkte verband. Regspraak op aarde is verbind aan regspraak in die hemel[120].

Petrus beklemtoon dat God se oordeel gevrees moet word[121]. Hy waarsku dat die oordeel by die huis van God begin[122]. Die Hebreërskrywer vermaan gelowiges dat oordele wat op grond van God se Woord uitgespreek word, nie ligtelik opgeneem moet word nie[123]. Inteendeel, God moet met oorgawe gedien en gevrees word[124]. Die goddelose, wat hom nie aan God en sy gebod steur nie, het rede om die dag van eindoordeel met skrik en bewing af te wag[125].

In die lig van God se oordeel moet die mens hom van oordele weerhou[126]. Volgens Büchsel[127] is 'damit nicht einen schlaffe Gleichgültigkeit gegen den sittlichen Zustand der anderen, auch nicht blinder Verzicht auf Bildung eines richtigen und ernsten Urteils über Menschen, mit dene man zu leben hat, gewollt. Aber unbedingt verlangt ist die Unterordnung solch eines Urteils unter die Gewissheit, dass Gottes Urteil auch den Urteilenden trifft, so dass alle Überheblichkeit, Unbarmherzigkeit und Blindheit gegen die eigenen Fehler ausgeschlossen und Bereitschaft zu Verzeihung und Fürbitte gewahrt bleiben'. Toegepas op die kerklike tug stel Büchsel dat dit nie hardvogtig en veroordelend moet wees nie. Ampsdraers moet die reg pastoraal-bewoë bedien aan hulle wat onreg gedoen het én aan hulle wat onder die gedane onreg gely het. 'The very seriousness of divine judgment preserves the church from legalistic judgmentalism'[128].

God se versoenende genade, op grond waarvan Hy vergewing van sondes skenk, is die regsbasis vir vryspraak. Dié genadegawe is by herhaling deur Christus belowe[129], sodat die gelowiges kan leer om met blydskap en vrymoedigheid na die dag van oordeel uit te sien[130], en aktief vir die koms van daardie dag kan bid[131].

---

[118] Romeine 1:18-32
[119] Romeine 2:4
[120] Matteus 18:15-35; Büchsel (1950:939) merk op: 'Die Frage nach der Rechtfertigung ist deshalb die Hauptfrage des Menschenlebens'.
[121] 1 Petrus 2:17
[122] 1 Petrus 4:17
[123] Hebreërs 10:26-31
[124] Hebreërs 12:28-29
[125] Openbaring 20:11-15
[126] Matteus 7:1-2; Romeine 14;4; 1 Korintiërs 4:5; Jakobus 4:11
[127] Büchsel, 1950:940
[128] Bromiley, 1985:472
[129] Onder andere Markus 2:9-12 en Lukas 7:36-50
[130] Romeine 8:31-39; 1 Johannes 4:17
[131] Matteus 6:10

### 2.2.3 Beroep doen op

#### 2.2.3.1 Beroep doen op in die Ou Testament

Die werkwoord *tsa'aq* het die algemene betekenis van aanroep, skree, kerm, hard huil, 'n klaagroep aanhef[132]. Wanneer dit met die voorvoegsel *'al* gekombineer word, kry dit die betekenis van aanroep om hulp, beroep doen op regspraak[133].

Die adres waar om hulp aangeklop word, verskil van geval tot geval. God[134], die koning[135], Moses[136] word om hulp aangeroep. Daar is ook 'n nie-geadresseerde hulproep[137].

Die saak waaroor om hulp aangeklop word, verskil eweneens van geval tot geval. Dikwels is die roep om hulp vanweë benoudheid te midde van benarde omstandighede[138]. Sodanige hulpgeroep rus nie op 'n regsbasis nie, is nie gerig op regsbystand nie, en het geen regskonsekwensies nie. In ander gevalle is dit egter duidelik dat verontregting die oorsaak van die hulpgeroep is[139]. Wanneer verontregting tot hulpgeroep lei, is dit deurgaans so dat daar deur die verontregte gepoog is om die onreg reg te stel, maar die teëparty of die verloop van gebeure dit nie moontlik gemaak het om die onreg uit die weg te ruim nie. Die saak tussen die twee partye het 'n dooie punt bereik. 'n Appèl word dan op 'n bevoegde buitestaander gedoen om in te gryp en die saak volgens regsnorme te besleg[140].

Die Griekse ekwivalent vir die Hebreeuse *tsa'aq 'al* is *boao*[141]. In die Septuagint dui *boao* op die onskuldige bloed wat na God in die hemel roep[142], die behoeftige dagloners wat in geval van verontregting om hulp roep[143], die hulpgeroep van die verdrukte volk Israel[144], en in oordragtelike sin die saailand wat sy eienaar aankla[145]. God hoor die hulpgeroep wat vanaf die aarde na Hom in die hemel uitgaan. Sy belofte is dat Hy daarop ag sal slaan[146].

132 Gesenius, 1886:722; Koehler en Baumgartner, 1958:810; Holladay, 1971:308; Albertz, 1979:567
133 Gesenius, 1886:722; Stolk, 1993:29,613
134 Numeri 12:13; Deuteronomium 26:7; Josua 24:6,7; Psalm 107:6,28; Nehemia 9:27
135 Genesis 41:55; Eksodus 5:15; 1 Konings 20:39; 2 Konings 6:26
136 Numeri 11:2
137 Job 19:7; Psalm 88:2
138 Eksodus 5:15; Numeri 12:13; Psalm 72:12; Psalm 107:6,28; Nehemia 9:27
139 Genesis 4:10; 1 Konings 20:39; Job 19:7
140 Vergelyk 1 Konings 3:16-28
141 Albertz, 1979:575
142 Genesis 4:10
143 Deuteronomium 24:15
144 Rigters 10:10
145 Job 31:38; vergelyk Stauffer, 1949:626
146 Eksodus 22:23 binne die konteks van verse 21-27

Albertz[147] is van mening dat *tsa'aq 'al* nooit 'n vakterm vir 'n duidelik omlynde regsprosedure geword het nie. Hy wys egter tegelyk daarop dat *tsa'aq 'al* uitgaan van iemand wat in 'n staat van onreg is. 'Hier ist der Notschrei nicht nur ein Schrei um Hilfe, sondern hat auch rechtliche Konsequenzen. So ist der Ausruf … des von einer Gewalttat Bedrohten zugleich ein Appell an die rechtsgemeinde zum Entgreifen'. Ten opsigte van die gebeure in 2 Konings 4:1 en die vervolg van die geskiedenis in 2 Konings 8 stel Albertz dat *tsa'aq 'al* as basis 'n diepgewortelde droefheid en benoudheid weens nood het, wat uitmond op hulpgeroep met die oog op herstel van reg.

#### 2.2.3.2 Beroep doen op in die Nuwe Testament

'Beroep doen op' kom in die Nuwe Testament in verskillende vorme en kontekste voor. Soos reeds genoem, is die Griekse woord *boao* die ekwivalent vir die Hebreeuse *tsa'aq 'al.* Lukas 18:1-8 is 'n uitsonderlike *boao*-teks[148]. God sal reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep (*to bôonton*).

Aan die kruis het Christus uit die diepte van ellende geroep (*ebo'esen*): 'My God, my God, waarom het U my verlaat?'[149]. In sy kommentaar op dié kruiswoord skryf Van Bruggen[150]: 'De bewogenheid van de Heiland bij het luide roepen op het negende uur (drie uur 's middags) blijkt uit zijn tongval op dat ogenblik. Het kind roept zijn Vader in de taal van zijn moeder. Uit Jezus' stemvolume valt af te leiden dat Hij met zijn hulproep allen wil bereiken. Het is geen stille verzuchting, maar een publiek woord. Het is ook een verwijzend woord: Jezus roept een psalmcitaat uit voor de oren van allen'.

Stauffer[151] merk in verband met Romeine 8:16 en 26, 2 Korintiërs 13:4 en Galasiërs 4:4 op: 'Dieser Todesschrei des alten Menschen, ist … der erste Schrei des neuen Menschen – dessen Leben in der Todesstunde des Gottesohnes zum Durchbruch gekommen ist'.

*Epikaleo* is inhoudelik aan *boao* verwant. In sy aktiewe vorm beteken *epikaleo* 'aanroep'[152]. Die medium-vorm *epikaleomai* dui op 'te hulp roep, jou beroep op', en selfs 'uitdaag, dagvaar, iemand van iets beskuldig'[153]. *Epikaleomai* dui dikwels op die gelowige wat God in gebed aanroep[154]. 'Das Medium *epikaleomai tina* jemanden anrufen (für sich, zu seinen Gunsten) ist

---

[147] Albertz, 1979:571-575
[148] Stauffer, 1949:626; Danker (2000:180) verklaar *boao* in Lukas 18:7 as 'n 'pleady petition'.
[149] Markus 15:34
[150] Van Bruggen, 1988:380
[151] Stauffer, 1949:627
[152] Muller en Thiel, 1969:281
[153] Muller en Thiel, 1969:281
[154] Handelinge 2:21, 7:59, 9:14 en 21; vergelyk Cremer, 1915:569

im NT als ein ohne weiteres ersichtlicher juristischer terminus technicus geläufig (= latin provocare)'[155]. Paulus *epikaleitai Kaisara* (Handelinge 25:11,12,25; 26:32; 28:18). Hy 'appelliert an, beruft sich auf, legt Berufung ein bei dem Caesar. Hierher gehört auch der absolute Verbumgebrauch: Paulus legt Berufung ein, um zur Entscheidung durch den Augustus verwahrt zu werden'[156]. Danker[157] verwys eweneens na *epikaleomai* as 'n tegniese term, vir sover dit in 'n juridiese sin gebruik word: 'epikaleomai is a request to a higher judical authority for review of a decision in a lower court. Lat: *provocatio*'.

***Ekskursie 1: Paulus se beroep op die keiser***

Wat betref Paulus se beroep op die keiser merk Van Eck[158] op dat die juridiese implikasies en die ontstaansgeskiedenis van die appèlreg waarvan Paulus in Handelinge 25 gebruik maak, nie presies vasgestel kan word nie. In die republikeinse tyd was daar 'n reg van beroep (*provocatio*) teen vonnisse of beslissings waarmee iemand nie kon saamstem nie[159]. Paulus se beroep op die keiser dien volgens Van Eck[160] 'n dubbele doel: sy eie regsaak moet verdedig word; tegelyk word 'n appèl op die keiserlike gesag gedoen om aan die christene reg te doen.

In verband met Filippense 3:20 – 'Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus' – skryf De Boor[161]: 'Es lag in diesem Recht (der Appellation – GJM) etwas von jener "Reichsunmittelbarkeit", die Paulus im Blick auf die Philipper zum Bild der Stellung des Christen in der Welt gemacht hatte. Alle Zwischenstanden, selbst ein mächtiger Statthalter, waren ausgeschaltet, sobald sich Paulus als römischer Bürger auf den Kaiser berief. Keine Macht der Welt und der Hölle können uns festhalten, wenn wir als "Bürger mit den Heiligen und Gottes Hausgenossen" den namen des Herrn anrufen'.

Calvyn[162] merk op dat Paulus geen uitvlug uit 'n regsgeding soek as hy op die keiser appelleer nie. Hy sal skuld dra as hy skuldig is. Maar hy gaan in hoër beroep, sodat 'n nuwe regsgeding kan begin – met die hoop dat daar geen geknoei met reg sal wees soos in die geval van Festus nie. Calvyn noem verder dat Paulus met sy optrede nie

---

155 Schmidt, 1950:498
156 Schmidt, 1950:498
157 Danker, 2000:373; vergelyk Cremer, 1915:569
158 Van Eck, 2003:510
159 Vergelyk Sizoo, 1948:104-105; Wielenga, sj.:306-308
160 Van Eck, 2003:511
161 De Boor, 1965:426
162 Calvyn, 1977:432

die gebod van 1 Korintiërs 6 uitkanselleer nie. In 1 Korintiërs 6 gaan dit oor 'n kerklike saak wat kerklik uitgesorteer moet word. Hier gaan dit oor 'n publieke saak. Bowendien het Paulus met hierdie saak slegs een doel voor oë: verkondiging van die evangelie[163].

Grosheide[164] toon aan dat *epikaleomai* 'n staande term is. Die Latynse vertaling daarvan is *appello*. Romeinse burgers het voorheen die reg gehad om hulle op die volk te beroep (*provocatio*). Later was alleen beroep op die keiser moontlik (*appellatio*). Met verwysing na Lake oordeel Grosheide dat die verskil tussen *provocatio* en *appellatio* gedurende die keisertyd heeltemal verdwyn het[165].

Newman en Nida[166] bevestig die skaarste aan besonderhede rondom Paulus se appèl op die keiser. Dit wil voorkom asof in Paulus se dae so-iets slegs moontlik was as jy 'n Romeinse burger is, en slegs in geval van 'n swaar straf wat dreig. Oor die vertaling van *epikaleomai* meen Newman en Nida: 'it may be necessary to say "I ask that the Emperor judge my case" or "I ask that I be sent to the Emperor".'

### 2.2.4 Versoen en versoening

#### 2.2.4.1 Versoen en versoening in die Ou Testament

Versoen (*kafar*) en versoening (*kipper*) is regsbegrippe wat betrekking het op die kultus (versoening met God) én op die burgerlike samelewing (versoening tussen mense onderling)[167].

Versoening in Israel was gerig op die herstel van ewewig wat as gevolg van misdaad versteur is[168]. Die versteurde ewewig is deurgaans deur middel van vergelding herstel: 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand[169]. 'De beschadiger moet gestraft worden met een gelijkwaardig kwaad als wat hij de beschadigde aandeed. Alleen door zulk een gelijke schade te lijden, wordt het evenwicht hersteld en maakt de schuldige zich vrij van zijn schuld'[170]. In sommige gevalle kan die skuldige 'n substituut (vervanging) gee. Dit kan alleen geskied wanneer daar van lewensverlies sprake was. In Eksodus 21:29 en 30 is daar sprake van 'n bees wat stoterig is,

[163] Vergelyk Barde, 1910:516
[164] Grosheide, 1948:351
[165] Sien hoofstuk 4.3.1
[166] Newman en Nida, 1972:462
[167] Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:316
[168] Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:307; Pop, 1984:498
[169] Eksodus 21:23-25
[170] Pop, 1984:498

en sy eienaar weet dit. As so 'n bees iemand doodstamp, is die eienaar die dood skuldig. Die eienaar moet saam met die bees sterf. Daar kan egter losgeld (*kofer* – 'n versoeningsoffer) opgelê word, wat as vervangingswaarde vir die eienaar se lewe dien.

Die werkwoord versoen (*kafar*) kom neer op die aanbied van 'n versoeningsoffer (*kofer*) as materiële kompensasie vir die skade wat aangedoen is[171].

'n Versoeningsoffer mag nie aangebied word sonder opregte verootmoediging en erkenning en belydenis van skuld nie[172]. 'Klage, Bitte, Gebet gehören nach Ex 32:30, Deut 21:8, den Ps-Stellen und 2 Chr 30:18 mit der Sühne zusammen'[173].

Dit is van wesenlike belang dat die wederparty die versoeningsoffer (*kofer*) aanvaar, alvorens daar van versoening (*kafar*) sprake kan wees. As God nie die offer wil aanneem nie, moet die skuldige self sterf[174].

In die Ou Testamentiese tabernakel- en tempeldiens dui die werkwoord versoen (*kafar*) meestal op die offer van die versoeningsmiddel (*kofer*) as vervangingsgawe[175]. Die bloed van die offerdier dien 'om vir julle versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel'[176]. Op die groot versoendag (*jom kippoer*) dien die bloed wat op en voor die versoendeksel (*kapporeth*) van die ark gesprinkel word as versoening vir die heiligdom en die volk Israel[177]. Sowel die Ou Testamentiese soenoffers as die ritueel op die groot versoendag gaan uit van die reël dat daar in Israel geen sonde 'mag blijven hangen'[178]. Sonde versteur die verhouding met God, en moet daarom uit die weg geruim word.

Vir die persoon wat moedswillig sondig en sodoende die Here smaad, is daar geen versoening moontlik nie[179], 'want die woord van die HERE het hy verag en sy gebod verbreek. Dié siel moet sekerlik uitgeroei word; sy ongeregtigheid is op hom' (vers 31).

---

[171] Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:316. Jakob wil dat Esau, wat wraak teen hom gesweer het, se ingesteldheid teenoor hom moet verander. Die middel om Esau se ingesteldheid te verander is die geskenke wat as *kofer* aangebied word (Genesis 32:20). Uit Eksodus 32:30, Numeri 35:33, Deuteronomium 32:43, 2 Samuel 21:3 en Jeremia 18:23 blyk dat die versoenings-handeling verrig word wanneer die lewe van iemand, wat die dood skuldig is, gered moet word (Pop, 1984:499).
[172] Levitikus 5:5; 16:29; Psalm 32; vergelyk Gesenius, 1886:358
[173] Maass, 1978:853
[174] Vergelyk Jeremia 18:23
[175] Pop, 1984:500
[176] Levitikus 17:11
[177] Levitikus 16:16
[178] Pop, 1984:500; vergelyk ook Gesenius, 1886:358
[179] Numeri 15:30

God bedek die skuld[180]; geen mens kan dit doen nie[181]. Maass[182] beklemtoon op grond van Levitikus 4 en 5 dat 'Gott der entscheidend Handelnde, die Sühne Gewährende ist. Der Priester erwirkt die Sühne, Gott gewährt sie'. Ampsdraers op aarde bedien slegs die versoening, maar God gee en waarborg dit.

Holladay[183] wys binne die konteks van Esegiël 45 op die effek van versoening. Hy noem dat versoening 'reconciliation' tot gevolg het. Koehler en Baumgartner[184] sowel as Botterweck, Ringgren en Fabry[185] bevestig dié standpunt: wanneer die soenoffer gegee is, kan die toorn afgewend en die vrede herstel word.

**2.2.4.2 Versoen en versoening in die Nuwe Testament**

In die Nuwe Testament, met name in die Pauliniese geskrifte, word hoofsaaklik twee woorde vir versoening gebruik: *hilasmos* en *katallage*[186]. Dié woordgebruik sluit by die Ou Testament aan.

Die Hebreeuse begrip *kipper* word in die Septuagint deurgaans met *ex-hilaskomai* vertaal[187]. *Kofer* en *kapoer* word vertaal met die Griekse *katallage* en verwante begrippe soos *allagma* wat die betekenis het van 'dit wat 'n mens in die plek van iets gee, geldsom, prys'[188].

In die Nuwe Testament kom *hilaskomai* onder andere in Hebreërs 2:17 voor, waar dit op die werk van Christus betrekking het: 'Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen'. Volgens Pop[189] lê al die elemente van versoening in dié teks opgesluit. In 1 Johannes 2:2 en 4:10 word Christus, die Seun van God die 'versoening (*hilasmos*) vir ons sondes' genoem. Hy bewérk nie slegs versoening nie, Hy ís die versoening, die '*pro-pitiatio* voor onze zonden'[190]. Hy is die soenoffer (*expiatio*) wat die skuld van die mens voor God bedek[191]. Romeine 3:25 verwys na Christus Jesus as *hilasterion*: 'Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof'. 'n Direkte

180 Psalm 65:4 en 78:38
181 Gesenius, 1886:398; Koehler en Baumgartner, 1958:452
182 Maass, 1978:853
183 Holladay, 1971:163
184 Koehler en Baumgartner, 1958:452
185 Botterweck, Ringgren en Fabry, 1982:307, 316
186 Berkouwer, 1953:280
187 Pop, 1984:501; Wentsel, 1991:443
188 Pop, 1984:501
189 Pop, 1984:502
190 Wentsel, 1991:443
191 Berkouwer, 1953:281; Van Genderen en Velema, 1992:472

verbinding word hier gelê tussen Christus, die Nuwe Testamentiese *hilasterion*, en die versoendeksel op die Ou Testamentiese ark, wat eweneens 'n *hilasterion* genoem word[192].

Die begrip *lutron* sluit nou by *hilasterion* aan. *Lutron* dui op die losgeld vir 'n gevangene of 'n slaaf, waardeur die gevangene of slaaf vryheid ontvang[193]. In dié sin kom dit in Markus 10:45 voor: 'want die Seun van die Mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie'. Christus as losprys sterf in die plek van die gevalle mens. So word die mens uit die posisie van verdoemenis in die ewige dood verlos. Volgens Wentsel[194] open die *lutron*-tekste vier gesigspunte:

- God het as Gewer van lewe, as Wetgewer en as Verbondsgod, reg op lewe en op die toewyding van hulle wat aan Hom behoort.
- God skenk 'n verteenwoordiger en plaasvervanger wat in sy persoon deur sy gehoorsaamheid aan God se regs-eis voldoen.
- God is nie alleen die Reghebbende en Gewer van die losgeld nie, maar ook die Ontvanger daarvan.
- Die Reghebbende, Gewende en Ontvangende God is eweneens Regter, wat die skuld van strafbare skuldenaars sowel as die straf kwytskeld vanweë die betaling wat gedoen is (versoening deur voldoening).

*Katallage* wys op die vredesverhouding wat deur die dood van Christus tot stand kom, die herstel van 'n gebroke verhouding, die nuutheid van die gemeenskap teenoor vroeëre vyandskap, *reconciliatio*[195] synde die wegneem van alle beletsels[196]. In die proses van vredesherstel beklemtoon *katallage* veral die aksie van plaasvervanging: '… ons roem ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het'[197]. Die werkwoord *katallasso* in Romeine 5:10 en 2 Korintiërs 5:18 en 19 dui daarop dat Jesus Hom vir die mens se ontwil laat verwerp. Sodoende het Hy die mens verlos tot kind van God. Jesus neem die mens se verwerping op Hom en skenk sy liefde vir die mens. In versoening sit 'n element van ruil: Jesus kry wat vir ons bestem is (verwerping); ons kry God se liefde[198]. Die ruil het tot gevolg dat gebrokenheid herstel word. 'Verzoening bestaat in het bij elkaar brengen van tegenover elkaar staande partijen'[199]. Die vrug van versoening is toegang en

[192] Hebreërs 9:5
[193] Pop, 1984:502
[194] Wentsel, 1991:454
[195] Danker, 2000:521
[196] Berkouwer, 1958:280; Smit, 1984c:26; Van Genderen en Velema, 1992:472
[197] Romeine 5:11; vergelyk Romeine 11:15 en 2 Korintiërs 5:18,19
[198] Pop, 1984:505
[199] Van Genderen en Velema, 1992:472

vrymoedigheid, vrede en vertroue[200]. Daarom word Christus, wat deur God as versoening vir ons gegee is, tegelyk die Vredevors genoem[201].

Bavinck[202] vestig die aandag daarop dat versoening nie eensydig is nie, maar tweesydig. Die mens moet nie alleen met God versoen word nie; God moet ook met die mens versoen 'in dien zin dat Hij, door Christus als *hilasmos* te schenken, Zijn toorn aflegt en eene vredeverhouding tusschen zichzelf en den mens sticht.' Hieruit blyk dat aanvaarding van die soenoffer van wesenlike belang is. Sonder aanvaarding van die soenoffer kan daar van versoening geen sprake wees nie.

Wentsel[203] wys in verband met versoening op 'n 'dubbele beweging in Gods handelen: er loopt een lijn van boven naar beneden, van God naar de mens, van de hemel naar de aarde. Er loopt ook een lijn van beneden naar boven.' God is die Subjek van die totale versoeningsproses, dit is die proses van herstel van die verbondsgemeenskap wat deur ongehoorsame deelgenote geskend is. Die ganse proses heet volgens Wentsel '*katallage*, anders-making, *re-conciliatio'*. God self het die offer vir versoening voorsien. Tegelyk eis Hy reeds in die Ou Testament dat die mens die offer aktief moet aanvaar, en uit die offer moet leef. In verband met die 'dubbele beweging' toon Wentsel[204] aan dat Christus se versoening 'n deurgaande werking het: 'Christus is onze voorbidder en voorspreker die het werk der verzoening voortzet door voor ons te pleiten (Romeinen 8:34, Hebreën 4:14-16)'. Hierdie voortgaande werk van Christus het 'n besondere effek op die gemeenskap van gelowiges: 'De lijn van beneden naar boven gaat niet alleen in de hemel door omdat Christus voor Gods aangezicht staat, maar gaat ook op aarde door. Wij bereiden als verbondsdeelgenoten aan de God van het verbond door onze offerende liefde en onze gehoorzaamheid een aangename geur (Efezen 5:1-2). De dienst der dankoffering eindigt nimmer: wij appelleren op de Luisterrijke om zijn luisterend oor tot ons te neigen'[205].

Oor die effek van versoening skryf Wentsel[206] dat 'n gelowige in die eerste plek op grond van die versoeningsoffer vergewing van sondes ontvang, vrye toegang tot God se troon verkry en vrede met God mag geniet[207]. Die tweede weldaad van versoening is die afsterwe en herskepping van die sondige mens. Wat dit betref het versoening 'n gemeenskaps-aspek. Om Christus na te volg beteken onder andere dat die kinders van God, 'ingeval zich onenigheden

200 Berkouwer, 1953:281
201 Van Genderen en Velema, 1992:488
202 Bavinck, 1929:442
203 Wentsel, 1991:443
204 Wentsel, 1991:443
205 Wentsel, 1991:444
206 Wentsel, 1991:472
207 Romeine 5:1-2; Efesiërs 2:18 en 3:12

voordoen tussen hen zodat vervreemding en verwijdering optreden, zich met elkaar verzoenen (Mattheüs 5:21-26; 6:12 en 14-15; Markus 11:25; Mattheüs 18:21-35; Kolossenzen 3:13). Tot de diakonia van de verzoening behoort dus ook het elkaar schuld belijden en het elkaar de schulden vergeven (Jacobus 5:15-16)'[208]. Christus het deur sy kruis die vyandskap tussen gelowiges doodgemaak. Daar mag geen vervreemding tussen gelowiges bestaan nie[209]. Onderlinge versoening beteken nie 'het prijsgeven van of het marchanderen met de waarheid of de gerechtigheid'[210]. Dit beteken wel navolging van Christus in selfverloëning. Soeke na reg moet gebou wees op teengaan van groepsegoïsme, erkenning van gevarieerde standpunte, bevegting van vyandigheid en vervreemding.

2 Korintiërs 5 plaas besondere klem op die *bediening* van die versoening. Die eenmalige feit van versoening moet meermalig aan die gevalle wêreld verkondig word. Die apostels kry opdrag om te laat sien en hoor wat versoening is en hoe dit in praktyk moet werk. 'Zij bidden mensen om dit te geloven; d.w.z. niet langer in zonde, de dood en de vijandschap te blijven zitten, maar in de door God geschapen nieuwe situatie van de gerechtigheid, het leven en het kindschap binnen te gaan'[211]. Oor die onderlinge belewing van versoening in Christus merk Berkouwer[212] op dat versoening nie net verkondig, maar ook bedien moet word: 'Er zijn gezanten vol vermaan, die roepen tot de erkenning van deze daad (versoening – GJM) Gods. … de erkenning der verzoening en het *extra nos* dringt tot de werkelijkheid der reconsiliatio, de werkelijkheid van de vrede door het bloed des kruises'. Die gawe van versoening in Christus is tegelyk 'n eis: die gelowige moet leef uit die rykdom van die versoening. Laat julle met God versoen – ook met mekaar[213]. Uit die versoening vloei vrede voort: vrede met God, innerlike vrede en vrede tussen hulle wat eers van mekaar geskei was[214]. Wie uit versoening leef, word geroep om op die basis van wat God vir ons gedoen het die versoening te bedien[215].

Samevattend stel Van Genderen en Velema[216] dat die wesenlike elemente van versoening 'erkenning van schuld, het leven uit die vergeving en het zoeken naar wegen en middelen om verhoudingen en situaties die verkeerd zijn, te veranderen' is.

[208] Wentsel, 1991:473
[209] Efesiërs 2:15-16
[210] Wentsel, 1991:474
[211] Pop, 1984:506
[212] Berkouwer, 1953:323
[213] 2 Korintiërs 5:20
[214] Efesiërs 2:14-16
[215] Van Genderen en Velema, 1992:486
[216] Van Genderen en Velema, 1992:486

### 2.2.5 Diagram van Hebreeuse, Griekse, Latynse en Afrikaanse begrippe

| *Hebreeus* | *Grieks* | *Latyn* | *Afrikaans* |
|---|---|---|---|
| tsêdeq, dhîn<br>tsedeqah | dikaios<br>dikaiosune | ius<br>iustitia | reg<br>geregtigheid |
| sjafat<br>misjpat | krino<br>krisis | iudico, cerno<br>iudicium | regspreek<br>regspraak |
| tsa'aq 'al<br>sjof'teni | epikaleomai<br>boao | provocatio<br>appello | beroep doen op |
| kafar<br>kippoer | katallasso<br>ex-hilaskomai,<br>lutron | reconcilio<br>reconciliatio | versoen<br>versoening |

### 2.2.6 Onderlinge verband tussen begrippe

Uit die bestudering van die begrippe soos wat dit in die diagram hierbo saamgevat is, word dit duidelik dat reg en geregtigheid, regspreek en regspraak, beroep doen op reg en versoening almal juridies van aard is en met 'n ryk, positiewe inhoud gevul is.

Beroep doen op reg en versoening blyk integraal deel van die reg te wees. Vir die verontregte moet dit altyd moontlik wees en moontlik gemaak word om sy onreg bekend te maak. Regters moet toesien dat die onreg ooreenkomstig God se wet aangespreek en reggestel word, sodat die verontregte en diegene wat daarvan aangekla word dat hy/hulle die onreg gepleeg het (aangeklaagde) met mekaar versoen kan raak en in vrede voor die aangesig van God verder kan leef.

## 2.3 BESONDERE SKRIFONDERSOEK

### 2.3.1 Die Skrif oor die verontregte

#### 2.3.1.1 Die verontregte se reg op regspraak

Reeds in die Ou Testament word dit duidelik dat dit geen vreemde verskynsel was dat lede van die verbondsvolk wat verontreg is, op regspraak aanspraak gemaak het nie. Elkeen in Israel – inwoner sowel as vreemdeling – het die reg gehad om hom op regters te beroep[217]. Die oomblik as 'n lid van die verbondsvolk op watter manier ook al verontreg word en daar aan

[217] Lion-Cachet, 1994:254

die verontregting geen einde gemaak kan word nie, is so 'n persoon kragtens God se verbondsbelofte op regspraak en regsherstel geregtig. So beroep die vrou uit Tekoa haar op die koning teenoor 'hierdie geslag'[218]. Salomo is daarvan oortuig dat God sal reg doen aan hulle wat onreg ly én aan hulle wat die onreg pleeg[219].

Die eerste twee verse van Psalm 43 werp besondere lig op die reg van die verontregte. Soos in enkele ander Psalms[220], word in Psalm 43 'n beroep op God gedoen om reg te verskaf[221]. Die beroep wat op God gedoen word, is persoonlik van aard: doen *aan my* reg[222]. Calvyn[223] beklemtoon dat die reg doen in Psalm 43 niks anders is nie as 'n saak wat ter verdediging opgeneem moet word. Kraus[224] bevestig Calvyn se beklemtoning: '… der Verfolgte appelliert an den Richter Jahwe und bittet ihn um sein Einschreiten'. Die voegwoord 'want' in Psalm 43:2 gee te kenne op watter grond die digter sy verlossing van God mag verwag en inderdaad ook verwag[225]: 'U is die God van my toevlug'. Die begrip toevlug[226] wys op vastigheid en sekerheid[227]; in die konteks van Psalm 43: regsekerheid. Die persoonlike partikel 'my' druk onwrikbare geloofsoortuiging uit: 'mijn toevluchts-God; mijn God die mij tot toevlucht is'[228].

In die Nuwe Testament kom die reg van die verontregte om op regspraak aanspraak te maak nog duideliker na vore. Aan die kruis het Christus die reg op regspraak ontbeer en sodoende die sekerheid verwerf dat almal wat in sy Naam tot God om hulp roep wel deur Hom gehoor word[229]. Christus verwerf vir sy mede-erfgename die reg om op die reg 'n beroep te doen.

#### 2.3.1.2 Die verontregte se motief vir regspraak

Die slotwoorde van 2 Kronieke 19:11 is veelseggend oor die motief waarmee die verontregte sy saak stel: 'En mag die HERE met die goeies wees!'. 'Die goeie' is iemand wat hom eerlik en opreg bewys het[230], en nie bevrees is vir die teenstand van hulle wat die goeie onregmatig van hom wil wegneem nie[231]. Goed dui dus op die regte (dit is: wat met die wil van God

[218] 2 Samuel 14:5-7
[219] Prediker 3:16
[220] Byvoorbeeld Psalms 7:9, 9:5, 26:1 en 35:1
[221] Valeton, 1912:25
[222] Luther, 1962:133
[223] Calvyn, s.j.a.:562; vergelyk Weiser, 1950:226
[224] Kraus, 1960:321
[225] Ridderbos, 1958:19
[226] Vergelyk Psalm 27:1
[227] Koehler en Baumgartner, 1958:545
[228] Ridderbos, 1958:19
[229] Sien paragraaf 2.2.3.2
[230] 2 Samuel 18:27 en Spreuke 12:2, 13:22, 14:14; vergelyk Roubos, 1972:189
[231] Noordtzij, 1938:237

ooreenstem) motief waarmee die regsaak aangegaan word, en ook die regte handelswyse wat in die hantering en verloop van die saak gevolg word.

Dit is egter nie vanselfsprekend dat die motief en dryfveer van die verontregte goed en suiwer en reg is nie. As gevolg van die mens se sondige aard kan talle negatiewe faktore, soos persoonlike gegriefdheid[232], wraakgierigheid[233], oorhaastige eiegeregtigheid[234], selfverontskuldiging[235], strydlus[236], beterweterigheid, veragting[237] en koppigheid[238] die motief vir die aangaan van 'n regsaak beïnvloed[239]. Daarom word daar in Psalm 43:3 gevra: 'Stuur u lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woninge'. God se lig verdryf die duisternis van sonde en ellende[240]. Die liggewende kandelaar in die tempel simboliseer die openbaring van God aan sy volk, en die belang daarvan dat daar in die lig van God se openbaring geleef word. Johannes 1 maak duidelik dat die Lig en die Woord één is. Jesus Christus, die vleesgeworde Woord, is die Lig wat gekom het om die in sonde gevalle wêreld te verlig. God se waarheid (*emmet*) is 'zijn trouw, krachtens welke Hij zijn beloften volbrengt'[241]. Die digter van Psalm 43 bid dat God hom in lig en waarheid sal lei. Dié bede bevestig sy afhanklikheid van God. Sonder God se lig en waarheid is hy aan onreg oorgelewer, en sal daar nooit 'n einde aan onreg kom nie. Die bede is tegelyk 'n belydenis. Die digter verklaar dat hy in God se lig en waarheid wil wandel. Uit eie krag is hy nie daartoe in staat nie. Hy pleit God vir die regte en suiwer ingesteldheid.

Teenoor eiegeregtigheid en selfhandhawing beklemtoon Matteus 18:15 dat intense droefheid oor die skuld van die naaste voor God die diepste dryfveer vir bestraffing van die skuldige naaste moet wees. In Matteus 18 val die klem nie soseer op die feit dat die verontregte gelowige verontreg is nie. Die fokus is op die onreg van die naaste, en dat daardie onreg tot oneer van God en tot skade van die naaste strek[242]. Die Skrif leer dat dit veel erger is dat iemand onreg doen, as wanneer iemand onreg aangedoen word. Iemand wat onreg aangedoen is en skriftuurlik daaroor dink, moet nie begin deur op 'my reg!' aanspraak te maak nie. Die eerste reaksie behoort te wees: die onreg van die teenparty is verskriklik in die oë van die Here! So 'n reaksie forseer die verontregte terug na die persoon/e wat hom onreg aangedoen het. Die beginsel van Levitikus 19:17 (teregwysing) en Matteus 18:15 (bestraffing)

---

232 Jakobus 4:1
233 Matteus 18:30
234 Spreuke 25:8
235 Galasiërs 6:1
236 Matteus 5:23-26
237 Spreuke 14:21
238 Spreuke 28:13
239 Van Veelen, 1995:32-41
240 Calvyn, s.j.a.:563; Delitzsch, 1894:324
241 Ridderbos, 1958:19
242 Hendriksen, 1976:698; Trimp, 1982:161

is die vertrekpunt vir die aangaan van 'n regsgeding. Die wet van liefde en soeke na reg verbied iemand om sommer met 'n regsaak te begin. Satan moet geen kans kry om 'n bres te slaan deur onnodig spanning tussen broeders en susters in die gemeenskap van die heiliges te skep nie. In die proses van soeke na reg en regsherstel mag die eerste tree (teregwysing en bestraffing) nie oorgeslaan word nie. Eers as dit blyk dat die teenstander die onreg handhaaf, dan gaan die teregwysing en bestraffing oor in 'n klag[243].

1 Korintiërs 6:1-9 werp eweneens besondere lig op die suiwer motief vir die aangaan van 'n regsaak[244]. Die Korintiërs, wat met die sonde van hoogmoed worstel, word met verskeie retoriese vrae geleer om eerder onreg te lei as om in verwaandheid en selfsug vir hulle eie regte te veg[245]. Geen regsaak kan vrugte dra as dit nie uit liefde vir God, respek vir die gemeenskap van broeders en erkenning van persoonlike geringheid hanteer word nie[246]. Daarby moet onthou word dat die persoon wat van onreg kla, self 'n sondaarmens is vir wie die reël van Galasiërs 6:1 eweneens geld: 'Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy nie ook versoek word nie'.

Dit is duidelik dat die verontregte se motief vir die aangaan van 'n regsaak suiwer en opreg moet wees. God moet as Kenner van die harte biddend gesmeek word om alle onsuiwerhede uit te suiwer en die weg van geregtigheid tot Sy eer en tot behoud van die gemeenskap van die gelowiges te bewandel[247].

#### 2.3.1.3 Die verontregte se doel met regspraak

Herstel van reg en gevolglike verlossing uit nood, droefheid en benoudheid is die oogmerk waarmee verontregte gelowiges om regshulp roep[248]. In Psalm 43:5 word dié doel soos volg omskryf: 'Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God!'. Die refrein van Psalm 42 (verse 6 en 12) word in Psalm 43 voortgesit[249]. Hoop op God is die sentrale tema in beide Psalms. Soeke na reg veroorsaak stryd, spanning, droefheid, onsekerheid en leed in die mens se binneste[250]. Hoop is om onder alle omstandighede - ook as die innerlike stryd hewig

---

243 Deddens, 1953p:366
244 Sien Ekskursie 2 onder paragraaf 2.3.3.1, waar dié Skrifdeel in meer besonderhede bespreek word.
245 Grosheide, 1932:201-202
246 Calvyn Institusie 4,20,21
247 Psalm 139:23, 24
248 Sien paragraaf 2.2.6
249 Delitzsch, 1894:324; Ridderbos, 1958:19
250 Weiser, 1950:227

woed - aan God te bly vasgryp en onwrikbaar op Hom te bly wag[251]. Die dringende 'doen aan my reg, o God' aan die begin van Psalm 43 word gedra deur die hoop aan die einde van die lied. Hoop op God, dat God verlossing sal bewerk, is die vaste basis vir die beroep op die herstel van reg. Die werkwoord *jashoea*, wat aan die einde van vers 5 gebruik word, dui in die algemeen op redding. Die *pi'el*-vorm waarin dit hier voorkom, het die meer spesifieke betekenis van 'in Sicherheit bringen, sein Recht durchsetzen'[252]. In verband hiermee stel Calvyn[253] dat daar nie van verlossing sprake kan wees as daar nie eers reg gespreek is nie. Die eerste doel met regspraak is volgens Weiser[254] nie die verlossing van die verontregte nie, maar die herstel van reg voor die Here. As die Verbondsgod in die regspraak geëer word, sal die regspraak vir sy getroue verbondsgenote verlossend wees.

In Psalm 43:4 is daar van 'n ander doel sprake: 'dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God!'. Die altaar is die simbool van skulderkenning en -vergewing, maar ook van dank vir verlossing. Saam met die dank*offer* op die altaar word God met 'n dank*lied* geloof vir uitkoms wat Hy na verontregting bewerk[255]. Bo verwagting herstel God die digter in sy vroeëre staat[256].

In aansluiting by die suiwer motief waarmee die verontregte na regsherstel soek, word dit uit Matteus 18:15-20 duidelik wat die mikpunt van die verontregte moet wees. Die primêre doel van die bestraffing is dat die sondaar sy onreg voor God sal erken en bely[257]. Skuldbelydenis voor God sal noodwendig herstel van versteurde broederbande en vrede tot gevolg hê[258]. In die geval van berou en skuldbelydenis is daar wins – in die hemel én op aarde[259]. Die sondaar wat deur sy sonde verlore was, is langs die weg van berou en bekering weer gevind: 'hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword'[260].

Oor die doel vir sy beroep op die keiser noem Deddens[261] dat dit vir Paulus nie primêr om behoud van sy eie lewe gegaan het nie. Paulus moet en wil van die Here in Rome gaan getuig[262], en so aan die koms van God se koninkryk diensbaar wees[263]. Daarmee saam doen Paulus 'n beroep op die voortgang van reg en geregtigheid. Dit strek tot eer van God dat hy as

[251] Helberg, 1991:6
[252] Koehler en Baumgartner, 1958:762
[253] Calvyn, s.j.a.:562
[254] Weiser, 1950:227
[255] Ridderbos, 1958:19
[256] Calvyn, s.j.a.:564
[257] Psalm 32:5; Psalm 51:6
[258] Grundmann, 1972:418
[259] Van Veelen, 1995:37
[260] Lukas 15:32
[261] Deddens, 1953s:35
[262] Handelinge 23:11
[263] Calvyn, 1977:432; Barde, 1910:516

apostel van Jesus Christus in Rome voor die regterstoel van die staatshoof publiek onskuldig verklaar word[264]. Van Eck[265] voeg hieraan toe dat Paulus se appèl op die keiserlike gesag ook vir die christene in Rome en in die hele Romeinse ryk tot voordeel moes strek. As apostel van Christus dra hy die lot van sy mede-christene – veral hulle wat ter wille van hulle geloof vervolg word – op die hart.

### 2.3.2 Die Skrif oor die verontregte se saak

In Psalm 43:1 word daar met name na die saak van die verontregte verwys. Die woorde 'verdedig my regsaak' is 'n weergawe van die Hebreeuse *we'rib'ah rib'i*. Die stam *rib* kom in die werkwoord sowel as in die selfstandige naamwoord voor. *Rib* dui op 'n regstryd wat deur 'n verontregte persoon gevoer word[266]. Die vervolg van Psalm 43:1 verbind die inhoud van die regsaak direk aan die party waarteen die regstryd gevoer word. Sodoende word die inhoud van die verontregte se saak duideliker omlyn. Die party waarteen die regstryd gevoer word, word bestempel as 'n onbarmhartige volk, 'n nie-getroue volk, 'n volk wat hom nie aan God en God se verbondstrou steur nie[267]. Die 'man van bedrog en onreg' kan kollektief of individueel verklaar word[268]. Die teenparty kan een of meer mense, selfs 'n groot groep mense wees[269]. Bedrog (*mir'mah*) het die algemene betekenis van verraad, gemene spel, arglistigheid, slinksheid[270]. Onreg (*aw'lah*) dui op verkeerdheid, slegtheid, alles wat nie met God verbind kan word nie[271].

Die Griekse naamwoord *dikaios* dui op 'regverdig, billik, ooreenkomstig sedes en regte, eerlik, gelykwaardig, onpartydig, goed, wettig, eksak, korrek'[272]. Die teenoorgestelde hiervan is 'onregverdig, onbillik, dit wat nie met die sedes en regte ooreenkom nie, oneerlik, ongelyk-waardig, partydig, sleg, onwettig, onnoukeurig, verkeerd'. Al dié terme beskryf die saak van die verontregte. So erken Paulus in Handelinge 25:11 dat reg moet geskied: 'Want as ek oortree het of iets gedoen het wat die dood verdien, weier ek nie om te sterwe nie'. 'n Oortreding, 'n onregmatige daad wat regtens met die dood gestraf moet word, moet met die daad as sodanig gestraf word[273]. 'Maar as daar niks is in die dinge waarvan hulle my beskuldig nie, dan kan niemand my aan hulle by wyse van guns oorlewer nie'. Paulus wys op twee verwante onregmatighede wat gaan plaasvind indien Festus hom aan die Sanhedrin

---

[264] Vergelyk Handelinge 16:36-37
[265] Van Eck, 2003:511
[266] Koehler en Baumgartner, 1958:888-889
[267] Delitzsch, 1894:324; Luther, 1962:133
[268] Ridderbos, 1958:19
[269] Delitzsch, 1894:324
[270] Koehler en Baumgartner, 1958:567
[271] Koehler en Baumgartner, 1958:688-689
[272] Schrenk, 1950:184-186; Muller en Thiel, 1969:199
[273] Calvyn, 1977:432

uitlewer. Indien Festus bevind dat die beskuldigings wat ingebring is onwaar is, verdien hy nie die doodstraf nie. In daardie geval mag Festus geen guns aan die Sanhedrin, Paulus se aanklaers in die saak, bewys deur hom aan hulle oor te lewer nie. Indien hy wel aan die Sanhedrin oorgelewer sou word, sou dit op 'n tweevoudige miskenning van reg neerkom: Festus sou sy opdrag tot konsekwente regstoepassing versuim; en die Sanhedrin sou geprejudiseerd met sy saak verder handel. Laasgenoemde het reeds informeel hulle oordeel uitgespreek deur hom met die dood te dreig[274].

Die saak van die verontregte kan in een woord saamgevat word: onreg. Die onreg wat aangedoen is, kan uiteenlopend van aard wees. Tog is daar 'n gemeenskaplike faktor in alle onreg: die gebod van God word oortree. Wanneer iets nie met die wil van God ooreenkom nie, is dit onreg.

### 2.3.3 Die Skrif oor die regter

#### 2.3.3.1 Die regter se posisie

Die Here is Regter van die hele aarde[275]. Hy is die God van reg[276]. Hy verskaf reg aan verdruktes[277]. Hy is die hoogste beroepsinstansie vir sy mense[278]. Hy het die reg lief en eis dat sy onderdane ook die reg sal liefhê[279]. Hy haat onreg[280].

Vir geen oomblik doen God van sy Regter-wees afstand nie. Tog roep Hy sekere mense en maak Hy hulle bekwaam om sy reg op aarde te bedien. Deddens[281] wys op die verreikende implikasie van die feit dat die Here sy mag om te oordeel ten dele op mense lê. Dit is geen ligtelike saak nie. Dit is dan ook nie sonder gewigtige rede nie dat profete in Israel die volk en die regters by herhaling daaraan moet herinner dat God die Regter is wat op die dag van die Here finaal gaan oordeel. Dié oordeel raak nie slegs die partye wat by die regsaak betrokke is nie, maar ook die regter(s) wat die saak hanteer en regspraak lewer. Met verwysing na Calvyn se kommentaar op Psalm 82 wys Kruger[282] op die plig wat op regters rus. 'n Regter moet verantwoordelikheid vir sy regspraak aanvaar.

---

274 Handelinge 22:22; vergelyk Deddens, 1953s:35
275 Genesis 18:25
276 Maleagi 2:17
277 Psalm 146:7
278 Psalm 43:1
279 Psalm 37:28; Spreuke 1:3; Jesaja 5
280 Job 36:33; vergelyk Te Velde, 1994a:580
281 Deddens, 1953n:370
282 Kruger, 1992:68

***Die regter in die Ou Testament***

Uit die verskeidenheid van relevante Skrifgegewens blyk dat die posisie van die regter deur die loop van die Ou Testament voortdurend ontwikkel het[283]. Om vas te stel tot watter mate en hoe die regter-amp gedurende die Ou Testament ontwikkel het, sal aandag aan die mees omvattende Skrifuitsprake in dié verband gegee word, naamlik: Eksodus 18:14-26, Deuteronomium 16:18-17:13 en 2 Kronieke 19:4-11.

*Instelling van die regter-amp: Eksodus 18:14-26*

Alle geraadpleegde eksegete is dit eens dat Eksodus 18:14-26 die instelling van die regter-amp in Israel beskryf. Vóór die gebeure van Eksodus 18, gedurende die patriargale tyd, het die huisvaders die regspraak oor almal in die huis behartig[284]. Aan die begin van Israel se tog uit Egipte na Kanaän was Moses alleen vir regspraak verantwoordelik[285]. Dan gee Jetro aan Moses raad om regters aan te stel. Dié raad word deur Moses as opdrag van God aanvaar en uitgevoer[286].

Uit Eksodus 18:14 word dit duidelik dat die volk Israel Moses nie net as hulle leier beskou nie, maar ook as hulle regter en skeidsregter[287]. Die volk kom na Moses om God se raad in te roep, ŉ antwoord op ŉ bepaalde vraag van Hom te ontvang, of ŉ beslissing van Hom te verkry[288]. Moses moet as verteenwoordiger (*mul*) namens die strydende partye voor die aangesig van God verskyn[289]. Die uitspraak in die saak kom dus nie van Moses nie, maar van God self. Moses is slegs werktuig van God[290]. In dit alles beskou die volk Moses as profeet: ŉ verkondiger van God se wil[291].

Die feit dat Moses alleen alle regsake hanteer, plaas ŉ ondraaglike las op hom sowel as op die volk. Die regsproses word vertraag, wat blykens Eksodus 18:23 tot ontevredenheid kan lei[292]. Om hom in die uitvoering van sy pligte te help, beveel Jetro vir Moses aan dat hy uit die hele volk bekwame manne uitkies wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins

[283] Heaton, s.j.:150; Moscati, 1953:142; De Vaux, 1973:271-276; Pop, 1984:423; Kruger, 1986:47; Kruger, 1992:67
[284] Genesis 38:24
[285] Eksodus 18:13
[286] Frey, 1952:207; Noth, 1959:121
[287] Gispen, s.j.:48
[288] Eksodus 18:15
[289] Koehler en Baumgartner, 1958:502
[290] Mackintosh, s.j.:147
[291] Gispen, s.j.:48
[292] Fensham, 1970:111

haat[293]. Betroubaar (*emet*) dui op standvastig, geloofwaardig, getrou[294]. Die betrokke manne moet onomkoopbaar wees, sodat hulle in hulle regspraak bo verdenking is[295]. Die verband en ooreenkoms met Numeri 11:16 en 17 – waar die Geesvervuldheid van die oudstes in besonder beklemtoon word – is ooglopend[296].

Moses het die aanbeveling van Jetro opgevolg en bekwame manne uit die hele Israel gekies. Hy het hulle 'as hoofde oor die volk aangestel - owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien'[297]. Die onderskeid tussen 'hoof' (*rosh*) en 'owerste' (*sar*) is beduidend. 'n Owerste is 'n onderkoning of gevolmagtigde verteenwoordiger van die koning. Owerste kan ook op stamhoof of groepshoof wys[298]. 'n Owerste is 'n persoon wat amptelike diens verrig. Hoof dui op die kop van 'n liggaam. In oordragtelike sin kan dit familiehoof, musiekleier of selfs hoëpriester beteken[299]. Met die term 'hoof' word klem op die persoon en gawes van die voorganger gelê. Hoofde is wyse, verstandige en ervare manne[300]. Wanneer Moses hoofde as owerstes aanstel, kies hy bestaande gemeenskapsleiers – dit wil sê, mense wat hulle reeds as leiers bewys het – om in die amp van owerste (regter) te dien. Na alle waarskynlikheid het hy diegene wat vroeër as oudstes gedien het[301] in hulle amp herstel[302].

*Eerste periode in Kanaän: Deuteronomium 16:18-17:13*

In Deuteronomium 16:18 word die volgende opdrag gegee: 'Regters en opsigters moet jy vir jou aanstel in al jou poorte wat die HERE jou God jou sal gee volgens jou stamme'. Die regter (*sjofet*) is 'n wettig aangestelde ampsdraer[303]. Oor die persoon van die opsigter (*sjatar*) is daar geen algehele duidelikheid nie. Waarskynlik is die opsigter as ondergeskikte amptenaar by die regsproses betrek: 'n hulp vir die regter[304]. Von Rad[305] is eweneens van mening dat die regter- en die opsigter-amp verskillend van mekaar is. Die regter-amp vloei na alle waarskynlikheid uit die posisie en dienswerk van die oudstes in Israel voort[306]. De Vaux[307] stel dat die regters waarna Deuteronomium 16:18-20 verwys, beroepslui was wat sake hanteer wat

[293] Eksodus 18:21
[294] Koehler en Baumgartner, 1958:66
[295] Gispen, s.j.:49; Fensham, 1970:111
[296] Mackintosh, s.j.:146
[297] Eksodus 18:25
[298] Koehler en Baumgartner, 1958:929
[299] Koehler en Baumgartner, 1958:865
[300] Deuteronomium 1:13,15
[301] Eksodus 3:16; Deuteronomium 1:15-17
[302] Gispen, s.j.:50
[303] Holwerda, 1957:416-418
[304] Holwerda, 1957:418-419; Deddens, 1953b:235
[305] Von Rad, 1964:81
[306] Ridderbos, s.j.:6; Lamparter, 1977:88
[307] De Vaux, 1973:272

gewone oudstes nie kan afhandel nie. Deddens[308] bevestig dit. Volgens Deddens het daar saam met die desentralisasie van regspraak 'n duideliker en meer omlynde onderskeid tussen oudstes en regters ontstaan. Daar kom 'n aparte kollege van regters, bygestaan deur opsigters, na vore. Moontlik was sekere van die oudstes ook regters. Dit is meer waarskynlik dat regters uit ander kringe van die samelewing gekom het[309].

Die woorde 'vir jou' in Deuteronomium 16:18 beklemtoon dat die regter-amp 'n geskenk is wat Israel in opdrag van God aan homself moet gee[310]. Die regter is 'n gawe van God uit die volk vir die volk. Hy moet die volk nie onderdruk nie, maar tot die welsyn daarvan bydra[311].

Die feit dat regters áángestel word, dui op Godgewilde aanwysing[312]. Dat daar in élke stad regters en opsigters aangestel word, wys volgens Holwerda[313] op noodsaaklike desentralisasie, waarin regters die wet van die HERE in elke unieke omstandigheid kan toepas: 'in Israel ontwikkelt zich de zelfstandigheid der plaatselijke kerk' … 'een groeiend kerkelijk leven eist geen sterkere centralisatie'[314]. Die feit dat daar regters 'volgens die stamme' aangestel moet word, impliseer dat gawes om reg te spreek aan elke stam in Israel gegee word, en dat daardie gawes in die eerste plek tot voordeel van die 'eie mense' aangewend moet word[315].

Uit Deuteronomium 17:8 en 9 blyk dat daar, behalwe die plaaslike regbank in die stadspoort, ook 'n regbank bestaan 'op die plek wat die HERE jou God sal uitkies'. Laasgenoemde bestaan uit 'Levitiese priesters en die regter wat daar in dié dae sal wees'. Priesters was wetgeleerdes wat op grond van breëre Skrifstudie tot 'n uitspraak kan kom[316], en gee derhalwe die deurslag as hulle die Woord van God oor 'n bepaalde saak laat spreek. De Vaux[317] wys daarop dat die regs-instansie in Jerusalem, die plek wat die HERE uitkies, die hoogste en finale instansie was. Die uitspraak van die priesters en regters in Jerusalem 'laat geen hoger beroep toe'.

---

[308] Deddens, 1953c:243
[309] Vergelyk Deuteronomium 21:2
[310] Holwerda, 1957:419
[311] Deddens, 1953c:242
[312] Deddens, 1953c:242
[313] Holwerda, 1957:420
[314] Vergelyk Roeleveld, 1972a:42
[315] Holwerda, 1957:422-423
[316] Roeleveld, 1972a:43
[317] De Vaux, 1973:272-273

*Rigter- en koningtyd:  2 Kronieke 19:4-11*

Toe daar nog geen koning in Israel was nie, is rigters geraadpleeg om regsake te besleg[318]. Die vereistes waaraan rigters persoonlik én in hul regspraak moes voldoen, was hoogstaande – soos wat die vereistes vir die regteramp oor die algemeen was[319].

Met die instelling van die koningsamp het daar 'n beduidende verandering ten aansien van regspraak ingetree.  Die koning is regter[320].  Om reg te spreek is wesenlik deel van die bediening van die koningsamp.  Dawid se optrede bevestig dit[321];  so-ook die optrede van Salomo[322].  Dit moet egter onderstreep word dat die koning nie, soos die priesters, op grond van Godsopenbaring wette neerlê nie.  Die koning is slegs handhawer van God se wet wat by monde van priesters en profete bekend gemaak is[323].  De Vaux[324] wys daarop dat Israel, net soos die ou Babilonië, drie soorte jurisdiksie geken het:  plaaslik (die raad van oudstes en regters), priesterlik en koninklik.

Onder die regering van koning Josafat is die regteramp grondig hervorm[325].  Die besonderhede van die hervorming is belangrik vir die proses van regspraak[326], aangesien dit bepaalde beduidende implikasies ingehou het[327].  Die aanstel van regters (*sjoftim*) sluit met die voegwoord 'en' by die slot van 2 Kronieke 19:4 aan, waar genoem word dat koning Josafat die volk 'laat terugkeer tot die HERE, die God van hulle vaders'.  Om die volk tot die HERE te laat terugkeer, gee koning Josafat besondere aandag aan die regstelsel[328].  Die regters is ooreenkomstig die voorskrif van Deuteronomium 16:18 in elke stad aangestel.  Regspraak geskied plaaslik[329].  Regters (meervoud) is aangestel;  meer as een per stad, omdat dit nie goed is dat die regspraak by een persoon berus nie.  In 'n kollege van regters is meer kennis en wysheid saamgevoeg[330].  'n Kollege van regters het ook beter waarborge teen korrupsie of eensydige beoordeling van sake[331].

---

[318] Rigters 4:5, 1 Samuel 7:15-17
[319] Kruger, 1992:67
[320] De Vaux, 1973:268
[321] 2 Samuel 8:15
[322] 1 Konings 3:28
[323] Vergelyk Josafat in 2 Kronieke 19:5-7 en Josia in 2 Konings 23:1-3
[324] De Vaux, 1973:271
[325] 2 Kronieke 19:5-11
[326] Deddens, 1953r:26
[327] De Vaux, 1973:272
[328] Roubos, 1972:185;  Ohmann, s.j.:125
[329] Noordtzij, 1938:234,  Moscati, 1953:142;  Roubos, 1972:186
[330] Spreuke 11:14
[331] Ohmann, s.j.:125

Die koninklike opdrag aan die regters, soos weergegee in 2 Kronieke 19:6 – 'Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en Hy is by julle in die regspraak' – getuig van 'n buitengewoon hoë regsopvatting[332]. Regters word nadruklik (kyk!) en persoonlik (wat júlle doen) aangespreek. Daarby word regters op twee kernsake gewys. Eerstens spreek hulle nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE. Noordtzij[333] toon aan dat die partikel 'vir' nie in die sin van 'voor die aangesig van' nie, maar as 'ten behoewe van', 'ter ere van'[334] verstaan en verklaar moet word: 'Het is dus bij de rechtspraak *niet* de vraag, of de belangen van enig mensch daarbij betrokken zijn, maar *uitsluitend* de vraag wat de Heere in het bepaalde geval als recht heeft doen kennen'. Hierteenoor kan gestel word of die Here met regspraak nie juis die belang van sy verbondskinders in die oog het nie. Met ander woorde: die reg van die Here sluit nie die belang van die mens uit nie. Inteendeel, as die mens doen wat God behaag, dien God se reg tot beskerming van die belang van daardie mens.

Die tweede saak wat regters in Israel voortdurend moet bedink, is dat die Here by hulle is so dikwels as hulle regspreek. Die Here is nie sigbaar teenwoordig nie. Tog moet regters en die volk deeglik daarvan bewus wees dat die Here die eintlike Regter in die saak is[335]. Regters is altyd *coram Deo*[336]. Dit dien enersyds tot bemoediging. Aardse regters is slegs instrumente in diens van die hemelse Regter. Dit bevestig andersyds die las wat op regters rus. Aardse regters (lashebbers) is aan die hemelse Regter (Lasgewer) verantwoording verskuldig.

Blykens 2 Kronieke 19:8 kom daar, behalwe die distriksregbanke in die versterkte stede, 'n hooggeregshof in Jerusalem tot stand[337]. Die Jerusalemse regskollege bestaan uit Leviete, priesters en familiehoofde. Leviete en priesters was manne wat reeds in 'n amp gedien het. Familiehoofde (*roshi*) was mense met kenmerkende gawes en 'n hoogstaande, maar nie-amptelike, sosiale posisie[338]. Uit al drie hierdie groepe word regters aangestel. Hoe die onderlinge verhouding tussen die drie groepe was, word nie vermeld nie. Uit die feit dat die Leviete eerste genoem word, lei Noordtzij[339] af dat die regspraak spesiaal aan hulle opgedra is. Die priesters en familiehoofde het die Leviete in die regspraak geassisteer. Noordtzij se afleiding moet egter in die lig van 2 Kronieke 19:11, waar die Leviete as opsigters gekwalifiseer word, afgewys word.

---

332 Noordtzij, 1938:234
333 Noordtzij, 1938:235
334 Vergelyk Ohmann, s.j.:126; Roubos, 1972:186
335 Noordtzij, 1938:235
336 Ohmann, s.j.:126
337 Roubos, 1972:187
338 Vergelyk Eksodus 18:25
339 Noordtzij, 1938:236

Oor die onderskeid 'gereg van die HERE' (*misjpat Jahweh*) en 'regsake' (*riv*) is daar verskil van mening. Sommige eksegete meen dat die gereg van die HERE op kultiese sake dui, terwyl die ander regsake na burgerlike onenighede verwys[340]. Omdat die lewe in die verbond met God nie in afgeslote kompartemente opgedeel kan word nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat die reg as sodanig gefunksioneer het. Alle sake, ongeag die inhoud daarvan, moet voor die HERE volgens sy wet beoordeel word. Dit blyk dat Jerusalem in die dae van koning Josafat as sentrum vir regspraak gedien het[341].

Oor 2 Kronieke 19:9 – 'En hy het hulle bevel gegee en gesê: So moet julle handel in die vrees van die HERE, met getrouheid en met 'n volkome hart' – skryf Noordtzij[342]: 'Het eerste geeft aan het erkennen als Heer van Hem, aan Wiens heiligen wil de mensch zich volmondig en met zedelijke gehoorzaamheid onderwerpt. Het tweede spreekt van zulk een volkomen onderwerping, dat onbeweeglijk gezocht wordt naar het kennen van Zijn wil, zoodat Hij op den mensch aan kan en deze des Heeren trouw met trouwe volharding beantwoordt. Het derde eindelijk spreekt van zulk een gesteldheid van het menschelijk hart dat daarin geen stroomingen en tegenstroomingen zich doen gelden, maar in volle zelfovergave slechts één begeeren leeft: den Heere te dienen en in Zijn wegen te wandelen'. Regters moet die vasstaande reg van die HERE persoonlik aanvaar en daarvoor buig. Daarsonder kan hulle dit nie in gehoorsaamheid aan die Verbondsgod tot welsyn van die verbondsvolk bedien nie[343].

In 2 Kronieke 19:11 is daar sprake van 'n werkverdeling. Ter wille van die goeie gang van sake word 'enige saak van die HERE' (*davar Jahweh*) na die hoëpiester vir regspraak verwys, terwyl 'enige saak van die koning' (*davar ha'meleg*) deur die bevelhebber van die paleis hanteer word. Hierdie onderskeid hef nie die eenheid in regspraak, waarvan vers 8 melding maak, op nie[344]. Die onderskeid is ter wille van effektiwiteit. Verskillende regters beskik oor verskillende kwaliteite[345] en vakkennis[346], alhoewel almal geroep word om die wet van God toe te pas. Die ondersteunende rol van die Leviete word weereens beklemtoon.

---

340 Vergelyk Ohmann, s.j.:127; Noordtzij, 1938:236
341 Galling, 1954:125-126
342 Noordtzij, 1938:236-237
343 Roubos, 1972:188
344 Vergelyk Galling, 1954:125
345 Noordtzij, 1938:236
346 Ohmann, s.j.:126

***Die regter in die Nuwe Testament***

*Voor Christus se hemelvaart*

In sy studie oor die kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament toon Duvenage[347] aan dat daar gedurende die tyd van Jesus Christus se omwandeling op aarde plaaslike regbanke was wat gewoonlik uit sewe lede bestaan het. Vir minder ernstige aangeleenthede soos roof, onderlinge twis en finansiële geskille was 'n regbank van drie lede voldoende[348]. Een van die drie was die regter, terwyl die ander twee adviseurs was. Volgens Duvenage het Jesus so 'n regter in die oog gehad in die gelykenis van die weduwee wat nie moed opgegee het om reg te soek nie[349].

Op verskeie plekke in die Nuwe Testament word van die Groot Raad of Sanhedrin[350] melding gemaak[351]. Kruger[352] is van mening dat die Sanhedrin nie beskou kan word as 'n liggaam wat reg gespreek het nie, aangesien die Sanhedrin nêrens deur God as regbank ingestel is nie. Daarteenoor aanvaar Deddens[353] dat die Ou Testamentiese wyse van regspraak, wat deur God ingestel is, in die tyd van die Nuwe Testament voortgesit is. Deddens staaf sy standpunt deur te wys op regspraak deur stedelike gereg in kleiner kring[354], wat duidelik onderskei word van regspraak deur die Groot Raad. De Vaux[355] is, net soos Deddens, daarvan oortuig dat die instelling van die Sanhedrin voortvloei uit die groot getal priesters wat Dawid as regters aangestel het[356]. Moscati[357] bevind in sy studie oor die regspraak onder die Semitiese volke dat Esra die regstelsel in die periode na die ballingskap herorganiseer het. Daaruit groei die Sanhedrin soos dit in die Nuwe Testament bekend staan.

Die Sanhedrin is uit skrifgeleerdes, owerpriesters en ouderlinge – almal wettige volksleiers en voorgangers in die tempel en sinagoge[358] – saamgestel. Uit die vasgestelde prosedure waarvolgens die Sanhedrin in alle regsake moes handel, blyk dat die doel daarvan was om

---

347 Duvenage, 1981:142-149
348 Deddens, 1954h:208; Adler, 1963:122
349 Lukas 18:5
350 Groot Raad en Sanhedrin is wisselterme.
351 Onder andere Matteus 5:22, Markus 14:55 en 15:1, Lukas 22:66, Johannes 11:47, Handelinge 4:15 en 22:30
352 Kruger, 1992:68
353 Deddens, 1953r:26
354 Matteus 5:22
355 De Vaux, 1973:276
356 1 Kronieke 23:4
357 Moscati, 1953:142
358 Handelinge 5:26-27, 23:5

soveel moontlik aan 'n beskuldigde reg te laat geskied[359]. In Ekskursie 3 wat hierna volg, word uit die Talmud vasgestel watter regsbevoegdhede die Sanhedrin gehad het.

Omdat Israel ten tye van Christus se omwandeling op aarde onder Romeinse heerskappy was, was die Sanhedrin se juridiese bevoegdheid beperk. Oor uitsprake en vonnisse met betrekking tot godsdienstige geskille het die Romeine deurgaans 'n vry hand aan die onderhorige volke gegee[360], maar oor alle sake wat nie-godsdienstig van aard was het die Romeine self regspraak geoefen[361].

*Na Christus se hemelvaart*

Ná Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster het 'n prinsipiële onderskeiding tussen burgerlike en kerklike regering (inklusief regspraak) ingetree[362]. Burgerlike owerhede is van Godsweë vir die burgerlike regering verantwoordelik[363]. Die apostels[364], en in die na-apostoliese tyd die ouderlinge van die gemeentes[365], is voortaan vir die kerkregering verantwoordelik. Christus bewerk ook 'n gemeenskap tussen kerke om mekaar onderling van hulp en raad te bedien[366]. Die krag van die gemeenskap tussen kerke blyk in besonder uit Handelinge 15, waar gemeld word wat die apostels in geval van kerklike geskille gedoen het[367].

***Ekskursie 2: Die (skeids)regter in 1 Korintiërs 6***

*Die dilemma*

In 1 Korintiërs 6 stel Paulus 'n saak aan die orde wat direk op die posisie van die regter betrekking het. In vers 1 word die vraag gestel: 'Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie?'. 'n Skerp onderskeid word tussen 'onregverdiges' en 'heiliges' gemaak, nie tussen die reëls waarvolgens regspraak beoefen word – asof die reëls van die heersende

[359] Duvenage, 1981:149
[360] Vergelyk Lukas 23:13-22; Handelinge 25:19
[361] Vergelyk Markus 15:1; Lukas 23:24; Johannes 18:28; Handelinge 23:28-29
[362] Calvyn bespreek die prinsipiële onderskeid breedvoerig in sy Institusie (3,19,15 en 4,20).
[363] Romeine 13:1-7
[364] Matteus 16:19; Johannes 20:21-23; Handelinge 1:15-26
[365] 1 Timoteus 5:17-20; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-4; vergelyk Deddens, 1953r:27
[366] 2 Korintiërs 8 en 9; Kolossense 4:16; 2 Johannes:1,13; Openbaring 1:9-20
[367] De Kock, 1982:24; Meijer, 1988:20-51

Romeinse reg nie met vrug in die kerklike lewe toegepas sou kon word nie[368]. Dié onderskeid word by wyse van verdere vraagstelling duidelik gemaak. Oor die 'heiliges' word in vers 2 gevra: 'Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal *krinein* (oordeel) nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?' Die probleem, soos in vers 1 onder woorde gebring, word vanuit die eskatologie aangespreek[369]. Die gemeente weet dat sy van Godsweë die bevoegdheid sal ontvang om die wêreld te oordeel. Die wêreld waaroor die gelowiges gaan oordeel sluit die skepping sowel as die in sonde gevalle wêreld – waaronder die heidense regters, by wie hulle reg gaan soek – in[370].

Die feit dat die gemeente tot so 'n heerlike taak geroep is, dien tans tot hulle beskaming[371]: is julle, wat eendag so 'n groot *krinein*-taak gaan hê, nou onbevoeg[372] om oor 'n regsaak in julle eie midde te *krinein*? Die toevoeging 'geringste' bewys dat daar in Korinte oor beuselagtighede regsake gevoer is[373]. Op sigself is dit reeds verkeerd[374]. Die feit dat sulke beuselagtighede nie eers deur die gemeente self opgelos kan word nie, onderstreep die erns van die vraagstuk[375].

Die argument word in vers 3 verder verskerp. Behalwe die wêreld, word ook die engele deur die gemeente geoordeel[376]. Dit bevestig te meer die grootheid van die taak wat op hulle wag[377]. In die lig daarvan moet die gemeente besef dat sy daartoe in staat *moet* wees om oor alledaagse dinge[378] uitspraak te doen[379]. Die slotsom waartoe Paulus kom, is: 'As julle dan regsake het, moet julle dié persone daaroor laat sit wat in die gemeente die minste geag word. Ek sê dit tot julle beskaming'[380].

---

[368] Van Bekkum (1990:796) toon aan dat die Romeinse *formula*-proses in Korinte van toepassing was. Die gemeente moes beslis daarmee bekend wees, en kon dit ook met groot vrug in die kerklike lewe gebruik. Die probleem in 1 Korintiërs 6 is nie die reëls van die Romeinse prosesreg as sodanig nie, maar: *wie* pas die regsreëls toe – heidene (onregverdiges) of gelowiges (heiliges)?
[369] De Boor, 1968:107
[370] Grosheide, 1932:195
[371] Schlatter, 1928:69; Calvyn, 1979:97
[372] *anaksioi* - onwaardig, te gering (Muller en Thiel, 1969:62).
[373] Grosheide, 1932:196
[374] Van Bekkum, 1990:797
[375] De Boor, 1968:107; Groenewald, 1980:73
[376] Galasiërs 1:8; 2 Petrus 2:4; Judas vers 6
[377] Groenewald, 1980:73
[378] *biotika* - dit wat die aardse lewe en lewensonderhoud betref (Muller en Thiel, 1969:150).
[379] De Boor, 1968:108
[380] In sommige ou handskrifte kom vers 4 as 'n vraagsin voor. Grosheide (1932:197-198)[380] toon breedvoerig aan dat die strekking van die vermaning dieselfde bly – of dit 'n vraagsin is, al dan nie.

*Die oplossing*

Met die moontlikheid dat geskille onder gelowiges voorkom, moet rekening gehou word[381]. Die geskille wat daar is, moet aangespreek en opgelos word. Deur wie? Eerder deur diegene in die gemeente wat - om watter rede ook al - die minste daartoe in staat sou wees om oor 'n regsaak tussen medegelowiges te kon regspreek, as dat die saak buite die gemeenskap van gelowiges bekend sou word en deur die heidense regters[382] besleg moet word. Dit word tot beskaming, maar tegelyk as ernstige vermaning vir die Korintiërs gesê[383]. Die gemeente word daarop gewys dat sy in haar soeke na en hantering van regspraak op 'n totaal verkeerde pad is.

In vers 5b word die dilemma nog skerper gestel: 'Is daar dan nie eens een wyse onder julle, wat uitspraak sal kan doen tussen sy broeders nie?'. Die Korintiërs het aanspraak op hulle veelheid van *sofia* gemaak[384]. Dit wil egter voorkom of daar in hulle christelike lewenswandel wysheid van die Gees[385] kortkom, tot so 'n mate 'dat ze er niet aan dachten om eens na te gaan, of er in hun kring niet een waarlijk wijze was, die rechtszaken kon beslissen'[386]. Die woorde 'tussen sy broeders' verdien besondere aandag. Indien daar 'n regsaak tussen broeders is, is die ideaal dat 'n wyse broeder, wat by albei partye bekend is[387], as onafhanklike skeidsregter[388] tussenbeide tree en te midde van die beide partye gaan staan om die saak op te los[389]. Langs dié weg word die eenheid in Christus bewaar en die onreg uit die wêreld geruim. Deddens[390] bring die aanwys van 'n arbiter in verband met Genesis 31:37[391], Job 9:33[392] en Job 16:21[393]. Volgens Kruger[394] eggo die soeke na 'n 'wyse man' om geskille op te los die voorskrif van Deuteronomium 1:13 – 'Bring tog wyse en verstandige en ervare manne aan volgens hulle stamme, dat ek hulle as hoofde kan aanstel'. Die taak van die skeidsregter is om 'n oordeel oor die konflik tussen die broeders uit te spreek (*diakrino*). Teenoor die gedagte van Grosheide[395] dat dit die taak van die skeidsregter is om die

---

381 Groenewald, 1980:73
382 Heidense regters het volgens die Romeinse *formula*-proses in sulke gevalle reggespreek (Van Bekkum, 1990:796).
383 Grosheide, 1932:199; Boersma, 1994:585
384 1 Korintiërs 1:20-24
385 1 Korintiërs 12:8
386 Grosheide, 1932:199
387 Godet, 1904:271; Grosheide, 1932:200
388 Groenewald, 1980:75; Van Bekkum 1990:798
389 Calvyn, 1979:99
390 Deddens, 1954o:327
391 Jakob wat vir 'n onafhanklike skeidsregter vra om tussen hom en Laban te oordeel.
392 Die onmoontlikheid dat daar 'n skeidsregter tussen God en mens kan wees.
393 Job se smeking dat daar van Godsweë reg tussen hom en sy vriende gespreek sal word.
394 Kruger, 1992:68
395 Grosheide, 1932:199

saak 'minnelijk te schikken' wys Van Bekkum[396] daarop dat *diakrino* nie op skikking dui nie, maar op beoordeling van feite en die vel van 'n vonnis[397].

Vers 6 word as 'n aanklag gestel: 'Maar gaan die een broeder met die ander na die regbank, en dit voor ongelowiges?'. Hier is, soos by vers 4, onsekerheid of die sin 'n vraagsin of 'n stelsin is[398]. Die tekskritiese probleem beïnvloed egter ook in hierdie geval nie die eksegese nie. Die vraag van vers 6 sluit by vers 1 aan, en dien as afronding van 'n argument. Anders as in vers 1, is hier sprake van twee broeders wat met mekaar ooreenkom om saam na die wêreldlike hof te gaan. Ook al verskil hulle radikaal van mekaar ten opsigte van die saak wat tussen hulle lê, is hulle dit met mekaar oor een saak eens: ongelowiges moet uitsluitsel gee.

*Slotsom*

In vers 7a word 'n slotsom bereik: 'Dan is dit al werklik 'n gebrek[399] onder julle, dat julle regsake met mekaar het'. Die feit dat hofsake onder die broeders voorkom, is 'n bewys dat hulle as christene 'n nederlaag gely het. Hulle het in die uitlewing van die wet van Christus gefaal[400]. Anders as in vers 1 gaan dit nie nou oor die *pragma*[401] as sodanig nie. Dit gaan oor die twis en tweedrag en die feit dat by heidense regters hulp gesoek word wat met die saak gepaard gaan. Vandaar dat die saak in vers 7 'n *krima*[402] genoem word. Daar *moes* 'n onderlinge band van eenheid in Christus wees, maar daar *is* verdeeldheid van so 'n aard dat 'de rechter er aan te pas moet komen'[403]. Dit strek tot oneer van God en tot skade van die gemeenskap van heiliges. 'n Dringende waarskuwing word aan die gemeente gerig: onregverdiges – dit is: mense wat onreg beoefen en nie bestry nie – sal die koninkryk van God nie beërf nie.

*Samevatting*

Die probleem wat Paulus in 1 Korintiërs 6 aanspreek, het nie te doen met die feit *dat* daar reg gesoek word nie. Die vrae is: (a) *waaroor* handel die regsaak, (b) *waar* word regspraak gesoek, (c) *wie* word as regter in 'n broedertwis genader, (d) volgens *watter reëls* moet daar reggespreek word en (e) wat word van die regter *verwag*?

[396] Van Bekkum 1990:798 en voetnoot 35 op p 799
[397] Cremer, 1915:633-634; Büchsel, 1950:948-951; Muller en Thiel, 1969:184
[398] Grosheide, 1932:200
[399] *ettema* - nederlaag, verlies, fout (Muller en Thiel, 1969:335).
[400] Groenewald, 1980:74
[401] saak
[402] regsaak
[403] Grosheide, 1932:201

In antwoord op die vrae maak Paulus duidelik dat dit in stryd met die waardigheid van die gemeente van Christus is om oor alledaagse sake regsgedinge te voer (a). Dit is beter om mekaar regverdig te behandel of ter wille van die gemeente onreg te ly[404]. Daar ontstaan egter soms situasies waarin daar 'n uitspraak oor 'n saak tussen gelowiges gedoen móét word. Dan moet daar in die eie gemeente (b) na bekwame mense uitgekyk word wat oor die saak kan oordeel (c). Die reëls van die Romeinse prosesreg, wat ruimskoots vir beslegting van geskille voorsiening maak, kan met vrug in die kerklike lewe toegepas word (d)[405]. Van die (skeids)regter-broeder word verwag om na bevind van sake 'n regsoordeel uit te spreek, wat tot opklaring en beëindiging van die geskil kan lei (e).

In 'n veelseggende slotopmerking oor 1 Korintiërs 6:5-8 skryf Calvyn[406]: 'En ons poneer sonder teenspraak dat alle geskille wat sonder liefde onderneem word, en dit selfs te buite gaan, onregverdig en goddeloos is'.

***Ekskursie 3: Die Talmud oor die Sanhedrin en appèl***

Die Sanhedrin te Jerusalem was 'n vergadering, bestaande uit 71 lede[407]. Die Sanhedrin was 'n geregshof, wat besondere aandag aan regsprosedures moes gee[408]. 'n Plaaslike hof kon 'n bepaalde saak na die Sanhedrin verwys[409]. 'n Verontregte persoon kon hom egter ook op die Sanhedrin beroep sonder dat sy saak vir meerdere beraadslaging daarheen verwys is[410].

Schürer[411] wys op die bevoegdheid van die Groot Raad: 'Vóór alles was dit de hoogste instantie tot beslissing van wetskwesties, maar niet in deze zin, dat men van de lagere rechtbanken aan dit hogere hof had kunnen appèlleren, maar aldus, dat het Sanhedrin optrad in die gevallen, waarin de lagere rechtbanken het niet eens konden worden'. De Kock[412] ondersteun dié standpunt.

[404] Van Bekkum (1990:778) voeg hieraan toe: 'Hierbij moet echter wel bedacht worden dat de naam van de gemeente van Christus centraal dient te staan. Het dient dus niet gelezen te worden als een opdracht om ook grof onrecht dan maar te laten bestaan'.
[405] Van Bekkum, 1990:778
[406] Institusie 4,20,21
[407] Misjna 1,6 en 2,4; vergelyk Deddens, 1954h:208; Adler, 1963:122
[408] Misjna 4,4; vergelyk Strack, 1974:50
[409] De Kock, 1982:24
[410] Duvenage, 1981:142
[411] Aangehaal deur Deddens, 1953r:26
[412] De Kock, 1982:24

Gordon[413] is egter van oordeel dat die Sanhedrin wel appèlsake hanteer het. In sy studie oor die Talmud bevind Benny[414] eweneens dat 'n reg van appèl moontlik was, mits dit binne dertig dae na die uitspraak ingestel word: 'In such cases the cause was taken to a neighbouring Synhedrin, which, from its containing a greater number of more learned and practised jurists, was deemed of superior authority'. Benny[415] toon aan dat appèlle nie baie voorgekom het nie. Die rede hiervoor was dat motiverings en argumente vir regspraak deur laer howe duidelik met die betrokke partye gekommunikeer is. Bowendien is daar gepoog om tot 'n eenparige beslissing te kom en dienooreenkomstig uitspraak te gee. Deursigtige en weldeurdagte regspraak voorkom dat een of beide partye wat by regspraak betrokke is, se reg (verder) gekrenk word.

#### 2.3.3.2 Die regter se gawes en ingesteldheid

Regters moet bereid wees om die HERE en hulle naaste te dien[416]. Om dit te kan doen, is geloof, wysheid, onderskeidingsvermoë, liefde[417], betroubaarheid, eerlikheid[418], versigtigheid, deurtastendheid en deskundigheid[419] nodig. Regters moet in hulle optrede onbevooroordeeld wees[420], sonder aansien des persoons oordeel[421], besondere aandag vir swakkes en verdruktes hê, sonder om hulle voor te trek[422] of om hulle reg te verdraai[423], konsekwent in hulle regspraak wees[424].

Kruger[425] maak op grond van die regters se gespesialiseerde en veeleisende werk, soos wat dit in Eksodus 18:21, Deuteronomium 1:13-15, Deuteronomium 17:8-9 en 2 Kronieke 19:8-10 na vore kom, die afleiding dat regters bepaalde gawes en/of skoling nodig gehad het. Oor die nodigheid van gawes bestaan daar in die lig van die Skrifgegewens geen twyfel nie, maar oor die skoling van regters is daar geen direkte Skrifuitspraak nie. Gebrek aan sodanige uitspraak maak die afleiding egter nie ongegrond nie. Omdat die bediening van die regter-amp diepgaande kennis en onderskeidingsvermoë vereis, kan aanvaar word dat opleiding

413 Gordon, 1918:615
414 Benny, s.j.:48
415 Benny, s.j.:49
416 Deddens, 1953n:370; Te Velde, 1994a:581; Smit, 1995:399-405
417 Sagaria 7:9
418 Eksodus 23:6-9, Deuteronomium 16:18-20
419 Eksodus 18
420 Deuteronomium 1:17; Spreuke 18:5
421 Levitikus 19:15
422 Eksodus 23:3
423 Eksodus 23:6
424 Spreuke 20:10
425 Kruger, 1986:47

onontbeerlik was. In ooreenstemming met opleiding van ander ampsdraers[426] kan dit verder aanvaar word dat bestaande regters nuwe regters opgelei het.

#### 2.3.3.3 Die regter se taak

Die regter se taak word noukeurig in die wetboek[427], die historiese boeke[428], sowel as die wysheidsboeke[429] weergegee.

Uit Eksodus 18:14-26 word dit duidelik dat die volk Israel na Moses kom om God se raad in te roep, 'n antwoord op 'n bepaalde vraag van Hom te ontvang, 'n beslissing van Hom te verkry. Die uitdrukking 'God raadpleeg' (*darash*) word gebruik in gevalle waar mense nie langs die normale kanale van byvoorbeeld die gewoontereg 'n oplossing kon vind nie[430]. Die saak (*davar*) wat mense aan Moses voorlê, kan enige regsgeding wees: siviel-regtelik, strafregtelik, sowel as 'n religieus-verwante kwessie[431]. Moses moet tussen die strydende partye regspreek (*sjafat*) deur God se insettinge (*gok*) en wette (*torah*) aan hulle voor te hou. Omdat die gebeure van Eksodus 18 aan die wetgewing op Sinai voorafgaan, was daar nog geen geskrewe insettinge en wette nie[432].

Nadat die wet op Sinai afgekondig is, het dit die taak van die priesters en Leviete geword om die geskrewe bepalings toe te lig en by die volk in te prent[433]. Afgesien van die regspraak wat Moses moet lewer, moet hy die volk in die insettinge en wette onderrig, en vir hulle die weg bekend maak waarop hulle moet gaan, en die werk wat hulle moet doen[434]. Op grond van algemene Godgegewe rigtingwysers moet die volk onderrig word oor 'n lewe in ware Godsvrees[435]. Die onderrig (*tsahar*) is meer as bybring van kennis; dit dui veral op waarskuwing[436]. Israel moet deur voortdurende wetsonderrig 'stap voor stap het Godsrecht leren kennen'[437].

Die taak van die hoofde wat Moses as owerstes oor duisend, owerstes oor honderd, owerstes oor vyftig en owerstes oor tien oor die volk aangestel het, was om voortdurend regspraak uit te

---

[426] Vergelyk 1 Samuel 1-3; 1 Konings 2; 2 Konings 2
[427] Eksodus 23:8; Deuteronomium 25:1,2
[428] 1 Konings 8:32; 2 Kronieke 6:23
[429] Psalm 72; Psalm 82
[430] Fensham, 1970:110
[431] Koehler en Baumgartner, 1958:201; Noth, 1959:120; Fensham, 1970:108
[432] Fensham, 1970:109
[433] Vergelyk Levitikus 10:11; Deuteronomium 33:10; 1 Kronieke 23:4; Maleagi 2:7; vergelyk Gispen, s.j.:49
[434] Eksodus 18:20
[435] Gispen, s.j.:49
[436] Holladay, 1971:87
[437] Fensham, 1970:111; vergelyk Frey, 1952:207

oefen: 'al die groot sake moet hulle na jou bring, maar in al die klein sake moet hulle self regspreek'[438]. Die onderskeid tussen groot en klein sake wys volgens Noth[439] op die verskil in inhoud. Moses sou dan slegs moreel-religieuse (sogenaamd geestelike) aangeleenthede hanteer, terwyl ander regters oor siviel-regtelike en straf-regtelike (sogenaamd wêreldlike) sake uitspraak lewer. Daarteenoor meen Frey[440], Deddens[441] en Fensham[442] dat die onderskeid eerder in die moeilikheidsgraad van die sake gesoek moet word. Ingewikkelde sake, waaroor die owerstes oor tien, vyftig, honderd en duisend geen uitsluitsel kon kry nie, moet na Moses verwys word. Die siening van Frey, Deddens en Fensham verdien – gegewe die woordgebruik 'groot-klein' – voorkeur. Ongeag die omvang, moeilikheidsgraad of inhoud van die saak, moet daar ooreenkomstig God se insettinge en wette reggespreek word (*sjafat*).

Deur verdeling van pligte kom daar verligting van werk[443]. Werksverligting is egter nie die enigste wat hier ter sprake is nie. In die lig van Numeri 11:17 ('en van die Gees wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie') en Spreuke 15:22 ('Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand') word dit duidelik dat meerdere beraadslaging tot bevordering van regspraak lei[444].

Die toepassing van die Godgegewe grondbepalings vir regspraak word 'aan een levend rechtsgevoel' oorgelaat[445]. Uiteindelik is dit die taak van die regter in Israel om die juridiese ewewig, wat as gevolg van onreg versteur is, te herstel[446].

In die pastorale briewe beklemtoon Paulus dat die kerk ooreenkomstig God se Woord regeer moet word[447]. Kerkregering, kerklike regspraak en kerklike optrede moet te alle tye aan pastorale bewoënheid geken word[448]. Daar moet vir wysheid van bo gebid[449] en teen 'n gees van veglustigheid gewaak word[450].

---

438 Eksodus 18:22
439 Noth, 1959:120
440 Frey, 1952:209
441 Deddens, 1953q:19
442 Fensham, 1970:111
443 Gispen, s.j.:49
444 Vergelyk Frey, 1952:208
445 Pop, 1984:422
446 Sien paragraaf 2.3.3.2
447 Vergelyk 1 Timoteus 5; 2 Timoteus 2:14-26; Titus 2:1-10
448 1 Timoteus 5:1-2; Jakobus 2:4
449 Jakobus 3:13-18
450 Jakobus 4:1-3

### 2.3.4 Die Skrif oor die proses van regspraak

#### 2.3.4.1 Bekendmaking van vermeende verontregting

Die manier hoe daar op regspraak beroep gedoen word, word noukeurig in God se Woord omskryf. Aansluitend by wat reeds oor die verontregte se motief en doel bespreek is[451], is daar verdere Skrifdele wat in besonder lig op die bekendmaking van die appellant se verontregting werp.

In 2 Kronieke 19:10 word 'n woord van vermaning gerig: 'En by al die regsake wat voor julle kom vanweë julle broers wat in hulle stede woon, oor moord, oor wette en gebooie en insettinge en verordeninge, moet julle hulle waarsku, sodat hulle hul nie skuldig maak teen die HERE en 'n toorn oor julle en oor julle broers kom nie; so moet julle handel, dat julle jul nie skuldig maak nie'. In aansluiting by vers 8 (die 'gereg van die HERE' en 'regsake') word 'n lys van wyd uiteenlopende sake genoem. Voordat die regsaak begin, moet die partye gewaarsku word[452]. Die betrokkenes moet nog eenmaal hulle regsgronde in afhanklikheid van die Here ernstig ondersoek en, indien nodig, hulle fout(e) erken voordat die regskollege ondersoek instel en regspraak lewer[453]. Die selfbeproewing waartoe die regters die betrokkenes voor die aanhoor van die saak moet oproep, het alles te doen met die ingesteldheid waarmee die partye die saak gaan hanteer. 'Alles gaat hier afhangen van een waar of vals getuigenis'[454]. Die partye moet ook aan die vertrekpunt vashou dat hulle mekaar se broers is, nieteenstaande die feit dat hulle 'n regsgeding met mekaar het. Geskille hef die broederskap, die onderlinge verbondenheid in die Here, nie op nie. Dit moet eerder as basis vir die herstel van reg dien. Indien die selfbeproewing nie plaasvind nie, en dit blyk dat daar op 'n verkeerde manier met die gereg omgegaan word, moet aanvaar word dat die toorn van die HERE oor sulke onreg nie sal uitbly nie.

Die waarskuwing van 2 Kronieke 19 weerklink in Matteus 18 vanaf vers 15: 'En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen'. Net soos in 2 Kronieke 19, val die klem in Matteus 18 op 'n saak tussen broeders, gelowiges, lede van God se huisgesin – die kerk. Die aksie gaan uit van 'n broeder teen wie sonde (*hamartia* - onreg) gedoen is. Oor die vraag of die woorde 'teen jou' (*eis se*) in die teks tuishoort is daar uiteenlopende menings[455]. Tekskritiese navorsing toon dat 'n beduidende aantal ou handskrifte met uiteenlopende

---

451 Sien paragraaf 2.3.1.2
452 Roubos, 1972:188
453 Noordtzij, 1938:237
454 Ohmann, s.j.:127
455 Vergelyk Grosheide, 1922:219; Hendriksen, 1976:697; Trimp, 1982:162

tekstipes die behoud daarvan steun[456]. Derhalwe word dit as deel van die teks beskou. Die verontregte broeder moet aan die sondaar medebroeder 'n diens bewys deur na hom te gaan en hom op sy sonde te wys[457]. Versuim om dit te doen, kom neer op ontrou jeens God en die naaste. Nalating van 'n gepaste vermaning is niks anders nie as om 'het kwaad voedsel te geven'[458].

Die opdrag in Matteus 18:15 om die sondaar te gaan bestraf (*elengo*) sluit in dat die sonde wat gepleeg is aan die lig gebring word, dat daar rekenskap oor gevra word, dat die verkeerdheid daarvan uitgewys word, en dat vanuit die gebod van God 'n gepaste vermaning gerig word[459]. Dié bestraffing moet onder vier oë plaasvind. Die redes hiervoor is velerlei. Eerstens betaam dit geen sondaarmens om 'n medemens wat in sonde geval het uit die hoogte te bestraf nie[460]. Tweedens moet die kwaad van sonde in die kleins moontlike kring aangespreek en uitge-sorteer word[461]. Derdens moet die bestraffing tot bekering en behoud van die sondaar lei. Vierdens – en dit weeg die swaarste – moet die eer van die Koning triomfeer[462]. Ooreen-komstig hierdie redes is die primêre doel van die bestraffing dat die sondaar sy onreg voor God sal erken en bely[463]. Skuldbelydenis voor God sal noodwendig herstel van versteurde broederbande en vrede tot gevolg hê[464]. In die geval van berou en skuldbelydenis is daar wins – in die hemel én op aarde. Die sondaar wat deur sy sonde verlore was, is langs die weg van berou en bekering weer gevind; 'hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword'[465].

Die vervolg van Matteus 18 spel die pad uit wat geloop moet word indien die sondaar-broeder hom nie van sy sonde bekeer nie: 'maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan' (vers 16). Die behoud van die sondaar staan weereens in die sentrum. Alhoewel die sondaar in sy sonde volhard, word aan die verongelykte broeder opdrag gegee om 'n tweede poging tot behoud aan te wend. Gelowiges moet as soekende herders oor mekaar wag hou[466]. Die saamneem van getuies[467] is nodig ter wille van die bearbeiding van die sondaar, maar ook om getuienis in 'n regsproses wat mag volg te kan lewer[468]. 'En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die

---
456 Van Bruggen, 1990:348
457 Rienecker, 1953:255; Hendriksen, 1976:697; Van Bruggen, 1990:348
458 Calvyn, 1971:71
459 Calvyn, 1971:74; Muller en Thiel, 1969:242; Van Bruggen, 1990:348
460 Galasiërs 6:1
461 Jakobus 5:20
462 Van Bruggen, 1990:348
463 Psalm 32:5; Psalm 51:6
464 Grundmann, 1972:418
465 Lukas 15:32
466 Hendriksen, 1976:699; Van Bruggen, 1990:349
467 Deuteronomium 19:15
468 Grosheide, 1922:219; Trimp, 1982:162

gemeente'[469]. Wanneer die sondaar volhard in sy weiering om aan die opdrag tot berou, bekering en herstel gehoor te gee, moet dit aan die *ekklesia* bekend gemaak word. Die *ekklesia* verwys na Christus se uitspraak in Matteus 16:18. Ten tye van sy omwandeling op aarde het die *ekklesia* nog nie die vorm van 'n georganiseerde gemeente met ampsdraers aangeneem nie. Van Bruggen[470] toon oortuigend aan dat die *ekklesia* die gesamentlike byeenkoms van leerlinge, in onderskeid van 'n klein groepie leerlinge is. In aansluiting by die 'volk' en die 'inwoners van die stad' wat by regsake in die Ou Testament betrokke was, is die Nuwe Testamentiese gemeenskap van gelowiges ook in geheel by die regsaak betrek[471]. Op die *ekklesia* word 'n beroep gedoen om oor die aangedane onreg uitspraak te lewer.

Trimp[472] wys op twee gevare in verband met optrede volgens die 'reël van Matteus 18': formalisme en spiritualisme. Wie die reël van Matteus 18 formalisties toepas, verval kort voor lank in 'menselijke ijverzucht. Dan wordt de omgang met de zondigende broeder een zaak van gekanaliseerd rigorisme'. Oor dié 'rigorisme' wys Te Velde[473] op die noodsaak van 'klimaatbewaking'. Te Velde bring klimaatbewaking in verband met Spreuke 25:8 – 'Gaan nie haastig uit om te twis nie; anders, wat sal jy ten slotte doen as jou naaste jou in die skande steek?'. Die waarskuwing is duidelik. As 'n mens onreg bemerk, moet jy nie onmiddellik tot 'n regsgeding oorgaan nie. Die regsproses moet nie as skrikmiddel of afdreig-apparaat ingespan word nie. Daar moet geleentheid vir berou en bekering gegee word. Daar moet vir die reg opgekom word, maar op die regte manier.

Die teenpool van formalistiese rigorisme is die gevaar van spiritualisme. In die denkklimaat van spiritualisme neig mense tot ontkenning van die regskader waarin Christus self die krag van toenemende vermaning plaas. Om uit gemaksug of ter wille van vrede of weens toegeeflikheid die oë vir die sonde van die medegelowige te sluit, getuig nie van gehoorsaamheid aan God en liefde vir die naaste nie. Toepassing van reg moet die voortgang van die evangelie dien.

Trimp[474] verwoord die vermyding van rigorisme en spiritualisme soos volg: 'Het recht beteugelt de valse drift van de aanklager en beschermt de positie van de aangeklaagde'.

Wanneer die verontregte (appellant) ooreenkomstig die voorskrifte van God se Woord wel tot 'n formele regsaak moet oorgaan, het dit by wyse van 'n openbare sitting in die stadspoort, of in

[469] Matteus 18:17a
[470] Van Bruggen, 1990:349-350
[471] Grundmann, 1972:420
[472] Trimp, 1982:167
[473] Te Velde, 1994a:582
[474] Trimp, 1982:167

die heiligdom te Jerusalem, of in 'n regsaal geskied[475]. Die proses word deur die verontregte as aanklaer begin. Die verontregte stel sy saak, tesame met die redes waarom hy meen dat hy verontreg is[476]. Holwerda[477] is van mening dat die bekendmaking van die saak, soos wat dit in Deuteronomium 17 beskryf word, nie noodwendig in die vorm van 'n offisiële rapport hoef te wees nie. Hierdie mening sluit nie die noodsaaklikheid uit dat die saak (onreg) waaroor gekla word, duidelik gestel moet word nie. Sonder 'n welomskrewe, gemotiveerde klag kan die saak nie ondersoek word nie.

#### 2.3.4.2 Ondersoek van vermeende verontregting

2 Kronieke 19:11 onderstreep die erns waarmee regters die klagte, wat voor hulle ingebring word, moet bejeën: 'julle moet sterk wees en dit doen'. Omdat regters aan uitermate groot druk – waaronder die gevaar van omkopery, onregmatige bevoorregting van een van die partye en sosiale druk – blootgestel is, word hulle opgeroep om in afhanklikheid van die HERE nie daaraan toe te gee nie, maar aan God gehoorsaam te wees[478].

Die Skrif waarsku indringend teen regskrenking (letterlik: krom maak van reg), onder andere in Deuteronomium 16:19. In die regspraak gaan dit oor bestryding van onreg, partydigheid en omkopery. Omdat dié drie ongerymdhede nie by die hemelse Regter voorkom nie, mag dit ook nie by aardse regters bespeur word nie – selfs nie in die geringste mate nie[479]. Growwe onreg geskied wanneer 'n regter onder druk van 'n massa, wat nie tussen reg en onreg kán of wíl onderskei nie, swig[480]. Dit is wat met Jesus gebeur het toe Pilatus sy verantwoordelikheid nie nagekom het nie.

In die lig hiervan moet die werk van regters, sowel as die optrede van diegene oor wie reg gespreek word, voortdurend krities beoordeel word ten einde te verseker dat regverdige regspraak geskied. In Deuteronomium 16:20 word die dringendheid hiervan onderstreep: 'Geregtigheid, geregtigheid moet jy najaag, dat jy kan lewe en die land in besit kan neem wat die HERE jou God jou sal gee'. 'De ambtsdienst is er niet terwille van zichzelf en eigen hoogheid, doch bedoelt het volk te brengen tot en te bewaren bij een leven van louter gerechtigheid'[481]. Die verlossing wat God bewerk het, moet deur die volk en die regters beleef word deur geregtigheid na te streef. 'De gemeente van Jahwé verspeelt haar erfenis en haar levensbloei, wanneer ze het recht verkracht. Slordigheid in de tuchtoefening, alsmede

475 Deuteronomium 17:2-4
476 De Vaux, 1973:276-278
477 Holwerda, 1957:448
478 Noordtzij, 1938:236
479 Ridderbos, s.j.:7; Holwerda, 1957:426-428; Vonk, 1966b:590-591
480 Kruger, 1986:47-48
481 Holwerda, 1957:428

corruptie bij de rechtspraak betekenen dat het volk van Jahwé verliezen gaat de erfenis, die Jahwé thans in de genade geven gaat'[482].

Deuteronomium 17:4 verwys na die verantwoordelikheid van die regter om in alle sake wat voor hom dien 'terdeë ondersoek in te stel'. Die Griekse begrip *anakrino* bevestig die regter se verantwoordelikheid. *Anakrino* verwys na die regsproses, wat meestal die vorm van 'n geregtelike ondervraging aangeneem het[483]. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie. Deur middel van ondervraging en deeglike ondersoek moet die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik gekontroleer en geverifieer word[484].

'n Integrale deel van die ondersoek is gevolglik om alle betrokke partye in die regsaak aan te hoor. Op die pleine by die stadspoort het prosedures gegeld wat klem op die aanhoor van die saak plaas[485]. Salomo het 'n spesiale regsaal in sy paleis gehad waar hy sake aangehoor het[486]. In die hantering van die klag word die aangeklaagde eers geleentheid gegee om sy saak persoonlik teenoor die klaer te stel. Sake is meestal mondeling[487], maar soms ook skriftelik gestel[488]. Nadat die klaer en die aangeklaagde aangehoor is, kry beide geleentheid om getuies op te roep. Getuies moet weet dat hulle getuienis 'n saak van groot erns is, aangesien hulle deel word van vonnis-voltrekking[489].

Net soos in die Ou Testament, is daar in die Nuwe Testament besonder klem op hoor en wederhoor – die *audi alteram partem*-reël – geplaas[490]. So het Christus voor Annas, Kajafas, Pilatus én Herodes verskyn alvorens 'n uitspraak gelewer is[491]. Paulus is deur die Joodse Raad, die Romeinse owerste oor duisend, Felix, Festus én Agrippa aangehoor voordat hy in appèl na Rome gaan om deur die keiser self gehoor te word[492].

In hulle regspleging moet die regters verseker dat die feite op grond waarvan hulle moet oordeel, vasstaan[493].

---

[482] Holwerda, 1957:430
[483] Lukas 23:14; Handelinge 4:19; vergelyk Cremer, 1915:630-632; Büchsel, 1950:944-955; Bromiley, 1985:473-475
[484] Holwerda, 1957:447-448
[485] Deddens, 1953n:370
[486] 1 Konings 7:7
[487] Deuteronomium 1:16, 21:20; 1 Konings 3:16-22; Spreuke 18:17
[488] De Vaux, 1973:277
[489] Deuteronomium 17:7; 1 Konings 21:13; Handelinge 6:11-13, 7:58
[490] Deddens, 1953n:370
[491] Lukas 22:63-23:25
[492] Handelinge 22 tot 26
[493] Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18

Billikheid is 'n skriftuurlike eis met betrekking tot regspraak[494]. In Psalm 58:2 kla Dawid dat die billikheid (*misjoor*) by regspraak ontbreek. Jesaja[495] profeteer dat billikheid die beginsel is waarvolgens die Messias sal regspreek. Billikheid hou rekening met die uniekheid en eiesoortigheid van elke saak. Plek, tyd en omstandighede speel 'n belangrike rol in die billike beoordeling van feite. Elke saak moet op eie meriete oorweeg word – dit is 'n ou regsreël. Dit is onmoontlik om alle omstandighede in 'n regsreël vas te lê[496]. Regters moet hulle verstand gebruik en vroom wees.

In die Skrif val die klem ook op die spoed waarmee die materie van 'n regsaak hanteer moet word[497]. Onreg moet so gou moontlik aangewys en weggedoen word; die verongelykte se reg moet haastig herstel word; die weg van vrede moet sonder verspilling van kosbare tyd betree word; alles wat die voortgang van die reg vertraag moet haastig uit die weg geruim word.

### 2.3.4.3 Regsuitspraak

Die resultaat van die geregtelike ondersoek is: die saak staan vas[498]. Blykens Deuteronomium 17:9 het die priesters en die regter die gesamentlike taak om na afloop van die ondersoek 'n regsgeldige, en daarom bindende uitspraak (letterlik: woord van reg) te lewer[499]. Reg doen is: 'Jemanden für den erklären, der das Recht an seiner Seite hat, ihn für Gerecht erklären'[500]. Die regter moet ooreenkomstig God se wet die skuldige straf en die onskuldige (verdrukte) verlos. Regters moet in hulle regspraak enersyds onkreukbaar en onomkoopbaar wees; andersyds moet hulle vol barmhartigheid vir die ellendige wees. Dan word daar regverdige regspraak beoefen wat deur 'die verkiesende styl van Jahweh' beheers word[501].

In die Nuwe Testament word die ampsdraers in die *ekklesia*, sowel as die *ekklesia* self vir uitspraak in 'n regsaak verantwoordelik gehou. Uit Matteus 18:17 word dit duidelik dat, indien 'n sondaar die vermaning van die hele *ekklesia* in die wind slaan, 'n regsdaad plaasvind: afsnyding[502]. Hierdie regsdaad impliseer nie dat die draad van soekende liefde geheel en al verbreek word nie[503]. Christus self het getoon en geleer dat Hy gekom het om heidene en

---

[494] Deddens, 1953o:378
[495] Jesaja 11:4
[496] Deddens, 1953o:379
[497] Deddens, 1954h:208
[498] Deuteronomium 16:18b; Deuteronomium 17:4
[499] Vergelyk Eksodus 20:24; Psalm 132:9; Holwerda, 1957:474
[500] Gesenius, 1886:709; vergelyk Koch, 1979:514
[501] Holwerda, 1957:425-426
[502] Calvyn, 1971:76-77; Trimp, 1982:158-168
[503] Rienecker, 1953:256; Van Bruggen, 1990:350

tollenaars tot bekering te roep[504]. Die hoop bly altyd bestaan dat die sondaar oor wie daar reg gespreek is, tot inkeer sal kom.

Intussen moet die erns van die uitspraak wat op aarde gelewer word, nie onderskat word nie. 'Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees'[505]. Die inleidende formule 'Amen, Ek sê vir julle' wys op die besondere nadruk en erns wat in die uitspraak opgesluit lê[506]. Die aksies van bind en ontbind verwys terug na die bevoegdheid van Petrus en die ander dissipels om die leer van Christus met gesag te bedien[507]. Die regsuitspraak op aarde het geldigheid voor God, die Regter op die hemelse troon. 'In Petrus spreekt God zélf en naar het op aarde verkondigde woord zal God eenmaal oordelen'[508].

Die erns van die uitspraak word in Matteus 18:19 onderstreep: 'Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is'. Dit word aanvaar dat die 'vra' op die algemene gebedslewe van die *ekklesia* dui[509]. Die direkte verband tussen verse 15 tot 18 en verse 19 tot 20 is egter ooglopend en van belang[510]. Die belang van nougesette regspraak, asook gebed tot die Here om wysheid in die regspraak te gee, word bevestig. Op die gelykluidende getuienis van twee of drie (vers 17a) word die sondaar wat hom nie bekeer nie aan die gemeente bekend gemaak. By volharding van sonde word hy op grond van God se bindende en ontbindende Woord regtens van die gemeenskap met die Verbondsgod en sy verbondsvolk afgesny[511].

Waar die *ekklesia* wettig in die Naam van die Koning van die kerk vergader, en ooreenkomstig sy Woord regsuitsprake doen, kan op sy teenwoordigheid gereken word[512]. Die 'daar is Ek in julle midde' herinner aan die uitspraak van 2 Kronieke 19:6 – 'En hy het aan die regters gesê: Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die HERE; en *Hy is by julle* in die regspraak'. Goddelike teenwoordigheid dien tot bemoediging van hulle wat moet regspreek; dit onderstreep tegelyk die ontsaglike verantwoordelikheid van die aardse regters teenoor die hemelse Regter.

---

[504] Lukas 15:2, 19:1-10; vergelyk Grosheide, 1922:219
[505] Matteus 18:18
[506] Van Bruggen, 1990:351
[507] Matteus 16:19
[508] Trimp, 1982:155
[509] Grosheide, 1922:220; Rienecker, 1953:256
[510] Calvyn, 1971:80; Hendriksen, 1976:702; Van Bruggen, 1990:352
[511] Van Bruggen, 1990:352
[512] Matteus 18:20; Calvyn 1971:81

Die noodsaaklikheid van stiptelike en konsekwente optrede word in 2 Kronieke 19:7 bevestig: 'Mag die skrik van die HERE dan nou op julle wees; handel nougeset, want by die HERE onse God is geen onreg of partydigheid of aanneming van geskenke nie'. Eerbied vir die HERE is die vrug van 'n diep besef dat die HERE se wet heilig is[513], en dat die HERE sy wet met onweerstaanbare krag toepas[514]. Die skrik van die HERE moet regters tot nougesette optrede verbind. Kruger[515] beklemtoon in hierdie verband die persoonlike verantwoordelikheid van die regter by regspraak. Hy verwys na die 1983 Afrikaanse vertaling van 2 Kronieke 19:6 – 'die verantwoordelikheid van die reg rus op julle'. Alhoewel dit geen eksak letterlike weergawe van die Hebreeuse teks is nie, is die slotsom waartoe gekom word, korrek. 'n Regter kan en mag nie voor God en die mense wegskram van sy verantwoordelikheid vir sy regspraak nie[516]. Calvyn[517] bevestig regters se persoonlike aanspreeklikheid in sy kommentaar op Psalm 82:3: 'Daar de verdrukking dus uit zich zelve luid genoeg roept, en de rechter, die in zijne hooge plaats is gezeten, zich houdt alsof hij niets ziet of hoort, verklaart de Profeet dat dusdanige veinzerij niet ongestraft zal blijven'.

### 2.3.5 Die Skrif oor regsherstel as doel en gevolg van regspraak

Uitspraak in 'n regsaak kan en mag nie formeel soos 'n emmer koue water uitgegiet word nie. 'De rol van de rechter bestond niet zozeer in het opleggen van een straf als wel in het beslechten van een geschil door op te komen voor de rechtvaardigheid. Hij was meer een verdediger van het recht (Amos 5:10), dan een bestraffer van de misdaad. Hij was een rechtvaardige scheidsrechter (Job 9:33)'[518].

Die uitspraak van die regter het wetlike en morele implikasies: 'Legally - a person whose conduct is examined and found to be unobjectionable: not guilty, innocent, in the right. Morally in the right - innocent, guiltless; and therefore just, righteous'[519]. In die uitspraak van regters moet klaers en aangeklaagdes die hand en stem en leiding van die HERE bemerk[520]. Regsuitsprake wil mense oortuig, en hang ten nouste saam met liefde, barmhartigheid en wysheid[521]. 'De rechtspraak moet concrete mensen zien, moet levenswarm zijn, en moet dan sanerend, zuiverend, heel-makend en vrede-brengend zijn. Ze moeten dwalende en fouten makende mensen verder helpen en weer in het rechte spoor brengen, twisten beslechten, de

---

513 Deuteronomium 4
514 Noordtzij, 1938:235
515 Kruger, 1986:47
516 Vergelyk Psalm 94:14-23
517 Calvyn, s.j.b.:212
518 De Vaux, 1973:277; vergelyk Heaton, s.j.:150
519 Holladay, 1971:303
520 Te Velde, 1994a:580
521 Wiskerke, 1964:76

zaken weer terechtbrengen. In de aanpak van de rechtspraak moet dat merkbaar worden. Je bent niet klaar als je hebt uitgemaakt wie gelijk of ongelijk heeft. Er is een verder liggend doel: dat alles weer in orde komt, dat mensen geleid worden op de weg van vrede. Dat is de teneur van het spreken van de Schrift over recht en rechtspraak. De goede rechter is herderlijk, pastoraal bezig, onderwijzend, vermanend, waarschuwend, overredend'[522]. Die uitspraak word op sigself 'n appèl op die broederhart. Onreg moet uitgesuiwer word en plek maak vir reg. Konflikte in die onderlinge omgang tussen lede van die verbondsvolk moet opgelos word. 'Waar mensen met elkaar zijn vastgelopen, moeten ze weer verder kunnen'[523]. As sake só verloop, vind reg en vrede mekaar[524].

Goeie regspraak is 'n seën van God. Dit dien tot behoud van die verbondsvolk in geheel en die lede van die verbondsvolk individueel[525]. Te Velde[526] stel aan die hand van Sagaria 8:16 - 'Zij die geroepen worden om recht te spreken, moeten steeds het groter kader in het oog houden, waarin hun rechtspraak een plaats heeft. Het gaat de Here om het goede voor zijn volk, om recht en heil, vrede en genezing'. Regverdige regters, 'n regverdige regstelsel en wyse regshandhawing is nodig om 'n rustige gemeenskap te skep; 'n gemeenskap waarin mense mekaar onderling kan vertrou[527].

Die effek van goeie regspraak is helend en genesend van aard. Jetro is daarvan oortuig dat sy raad aan Moses – mits dit volgens die wil van God is – tevredenheid onder die volk tot gevolg sal hê. Na deeglike regspraak sal al die betrokke partye in vrede na hulle woon- en werkplek kan terugkeer[528].

Vrede sal slegs 'n werklikheid word as die uitspraak van die regter in gehoorsaamheid aan God eerbiedig word. Dit word in Deuteronomium 17:10 beklemtoon: 'En jy moet handel ooreenkomstig die uitspraak wat hulle jou te kenne sal gee, uit dié plek wat die HERE sal uitkies; en jy moet sorgvuldig doen net wat hulle jou sal leer'. Omdat die uitspraak die wil van die HERE in die gegewe omstandighede is, mag dit op geen manier in die wind geslaan word nie. Verontagsaming van 'n regsuitspraak is niks anders nie as verontagsaming van die HERE. Vandaar die herhaling: 'en jy moet sorgvuldig doen'. Die werkwoord 'leer' aan die einde van die sin het die grondbetekenis van 'aanwysing gee, die pad wys, opdragte saamgee'[529]. Regspraak in Israel is baie meer as kliniese toepassing van die wet in 'n regsaak. 'Het is de

[522] Te Velde, 1994a:581
[523] Te Velde, 1994a:581; vergelyk Moscati, 1953:142
[524] Psalm 85:11-14
[525] Smit, 1985:166
[526] Te Velde, 1994a:581
[527] Lion-Cachet, 1994:257
[528] Gispen, s.j.:49
[529] Koehler en Baumgartner, 1958:403

genadegave van iemand de rechte weg wijzen, met bevel van, nu dat licht hem gegeven is en de weg hem gewezen, nu ook op die weg te gaan'[530]. Die eis tot stiptelike gehoorsaamheid word in Deuteronomium 17:11 saaklik herhaal en onderstreep: 'Ooreenkomstig die wet wat hulle jou leer en volgens die regspraak wat hulle jou sê, moet jy handel; jy mag nie regs of links afwyk van die uitspraak wat hulle jou te kenne gee nie'. Die kombinasie van die terme wet (*torah*) en regspraak (*misjpat*) is veelseggend[531]. Die wet (*torah*) is die Woord van God, soos bedien deur die priesters. Die regspraak (*misjpat*) is die uitspraak van God, soos bedien deur die regter. Die priesters, wat die saak ondersoek, kom in die lig van Godsopenbaring tot die slotsom: so sê die HERE in hierdie geval. Dié aanwysing maak die pad vir die regter, wat nie meer geweet het hoe om die saak te beoordeel nie, oop om tot regspraak oor te gaan[532].

In Deuteronomium 17:12 word 'n waarskuwing toegevoeg: 'En die man wat vermetel handel, dat hy nie luister na die priester wat staan om daar die HERE jou God te dien, of na die regter nie – dié man moet sterwe'. Opstand teen die ampsdraer impliseer opstand teen die Ampgewer. Die man wat nie wil buig voor die gesag van die HERE nie, moet weens sy eiewaan gestraf word omdat hy God en sy gebod minag[533]. Tug oor verbondsbreuk deur 'n enkeling werk genesend vir die verbondsvolk in geheel. Omdat die volk by die teregstelling van die verbondsbreker betrokke is (vers 7), sal almal opgeskerp word om hulle van onregmatige optrede – waaronder negering van regsuitsprake – te weerhou[534].

## 2.4 RESULTAAT VAN SKRIFONDERSOEK

Die bedoeling met die Skrifstudie is om vas te stel wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is. In verband hiermee moet die volgende vrae beantwoord word[535]:

- Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is?
- Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte geopenbaar?
- Wat maak die Skrif oor die posisie en taak van die regter bekend?
- Wat word uit die Skrif duidelik met betrekking tot die proses van regspraak in geval van verontregting?

---

530 Holwerda, 1957:475
531 Sien paragraaf 2.2.2.1; Ridderbos, s.j.:11; Deddens, 1953h:283-285
532 Holwerda, 1957:476; Vonk, 1966b:600
533 Ridderbos, s.j.:12; Holwerda, 1957:476-477; Vonk, 1966b:601
534 Holwerda, 1957:478
535 Sien hoofstuk 1.4.2

Die resultaat van die Skrifondersoek word as antwoorde op genoemde vrae geformuleer. Die resultaat sal as basis vir die vervolg van die studie dien.

### 2.4.1 Kerklike appèl 'n *non liquet*?

Dit word algemeen aanvaar dat kerklike appèl, soos wat dit in Artikel 31 KO voorkom, nie op duidelike en/of direkte Skrifuitsprake rus nie[536].

Anders as die algemene aanvaarding teken Menochius (De republ. Hebr. I,6.4) – soos aangehaal deur Deddens[537] – by Eksodus 18:21 aan dat daar beroep moontlik sou wees vanaf die owerste oor tien op die owerste oor vyftig, vanaf die owerste oor vyftig op die owerste oor honderd, ensovoorts. Gispen[538] se opmerking dat 'Mozes zelf het hoogste beroep moet vormen' sluit hierby aan, alhoewel Gispen kwalifiseer wat hy met 'hoogste beroep' bedoel: 'zodat hij zich niet meer behoeft in te laten met elke kleine zaak'. Volgens Deddens het die opvatting van hoër beroep in Eksodus 18 geen redelike gronde nie. Vers 22 vermeld uitdruklik dat alle groot (ingewikkelde) sake na Moses gebring moes word, terwyl kleiner sake deur owerstes hanteer kon word. Dit kán impliseer dat sake wat nie voor 'n owerste besleg kon word nie na Moses verwys is, maar dit is volgens Deddens geen 'hoër beroep' soos dit in Artikel 31 KO voorkom nie. Dit was nie so dat 'n mens hom vanaf die oordeel van 'n laer regter op 'n hoër regter kon beroep omdat hy hom in sy reg gekrenk geag het nie. Deddens sien die struktuur van Eksodus meer in lyn met Artikel 30 Dordtse Kerkorde – 'n mindere vergadering kon 'n saak nie afhandel nie, nou word dit aan 'n meerdere vergadering voorgelê. Dié opvatting van Deddens word in Deuteronomium 1:17 en 17:8 gesteun, en word derhalwe as deurslag-gewende argument ter weerlegging van Menochius se aantekening by Eksodus 18:21 aanvaar.

Holwerda[539] stel as opskrif bo Deuteronomium 17:8-13 'Het hof van appèl'. By die bespreking van Deuteronomium 16:18 merk hy op[540]: 'Over de vraag of er ook instanties waren voor hoger beroep, en indien ja, hoever dergelijke bevoegdheden zich uitstrekten, kunnen we hier niet spreken; te zijner tijd hopen we in ander verband daarop terug te komen'. Weens sy plotselinge afsterwe het Holwerda nooit by 'te zijner tijd' uitgekom nie. Junker, soos aangehaal deur Holwerda[541] is van mening dat daar in Deuteronomium 17 van 'n appèlhof sprake is: 'hier (wird) ein oberstes Zentralgericht für die schwierigeren Fälle und jedenfalls auch für

[536] Vergelyk Deddens, 1953q:19; Roeleveld, 1972a:46; De Kock, 1982:24
[537] Deddens, 1953q:19
[538] Gispen, s.j.:49
[539] Holwerda, 1957:457
[540] Holwerda, 1957:425
[541] Holwerda, 1957:458

Berufungen eingerichtet'. Hierteenoor is eksegete deurgaans eenstemmig dat daar in Deuteronomium 16 en 17 nie van 'n *beroeps*instansie sprake is nie, maar van 'n *hoër* geregshof, waar moeiliker sake vir meerdere besinning voorgelê word[542].

Indien dit so is dat daar vir kerklike appèl geen direkte Skrifuitspraak(e) bestaan nie, lei dit noodwendig tot die volgende twee vrae: kan daar van 'n skriftuurlike fundering vir kerklike appèl sprake wees; en: as die Heilige Skrif kerklike appèl soos dit in die Gereformeerde kerkregering toegepas word, nie ken nie – is dit dan hoegenaamd geoorloof?

In antwoord op dié vrae stel Deddens[543]: alles wat in die Skrif nie gebied word nie of nie met Skrifvoorbeelde verifieerbaar is nie, is om daardie rede nog nie ongeoorloof nie. Net so min is nie alles geoorloof wat nie *expressis verbis* in die Skrif verbied word nie. Die feit dat Paulus hom op die keiser beroep is volgens Deddens as sodanig 'n bewys dat appèl nie *per sé* deur die Here afgekeur word nie.

Deddens noem verder dat dit nie vreemd is dat daar in die Nuwe Testament geen vergadering was waarop lidmate hulle beroep het nie. Lidmate kon hulle op die apostels beroep[544]. Deddens se slotsom is: 'Uit het zwijgen van het Nieuwe Testament over kerkelijke appèl is dus niet te concluderen, dat na het wegvallen van het apostolisch ambt zulk appèl ongeoorloofd zou zijn'. Deddens steun op die *argumentum e silentio*.

Met betrekking tot die vraag of kerklike appèl 'n *non liquet* is, moet tussen twee sake onderskei word. Die aksie van appèl is een saak. Die regsinstansie (in terme van Artikel 31 KO: die kerklike meerdere vergadering) op wie 'n beroep vir regspraak gedoen word is 'n ander saak.

Met betrekking tot die aksie van appèl is aangetoon dat die Ou Testamentiese *tsa'aq 'al* 'n regsbegrip is, wat 'beroep doen op' beteken[545]. In geval van verontregting is daar ruimte om dié verontregting uit te wys en op regsherstel aanspraak te maak. Nieteenstaande die feit dat Albertz[546] van mening is dat *tsa'aq 'al* nooit 'n vakterm vir 'n duidelik omlynde regsprosedure geword het nie, wys hy tog daarop dat *tsa'aq 'al* uitgaan van iemand wat in 'n staat van onreg is. In aansluiting by die betekenis van *tsa'aq 'al*, skryf Liedke[547] oor die gebruik van *sjafat* dat die gelowige wat verontreg is, is kragtens God se verbondsbelofte op regspraak geregtig. Die

---

[542] Ridderbos, s.j.:10; Von Rad, 1964:84; Vonk, 1966b:600
[543] Deddens, 1953s:35
[544] 1 Korintiërs 4:21; 2 Korintiërs 13:2; 2 Tessalonisense 3:6; 3 Johannes verse 9 en 10
[545] Sien paragraaf 2.2.3.1
[546] Albertz, 1979:571-575
[547] Liedke, 1979:1002

Nuwe Testamentiese *boao* en *epikaleomai tina* is eweneens begrippe met 'n juridiese belading[548], wat met die Latynse *appellare* en *provocare* ooreenkom.

Uit dit alles, sowel as uit die ander gegewens wat onder paragraaf 2.2.3 weergegee en bespreek is, word dit duidelik dat skriftuurlike begronding van kerklike appèl nie op 'n *argumentum e silentio* berus, soos Deddens aanvoer nie. Dit is ook geen *non liquet*, soos eksegete deurgaans meen nie. Inteendeel, die Skrif gee genoegsame en deurslaggewende getuienis vir die *feit dat* daar geappelleer kan word, die *wyse waarop* dit behoort te geskied, asook die *behandeling en afhandeling* van 'n appèl tot eer van God en die herstel van die versteurde geloofsgemeenskap.

Oor die regsinstansie(s) by wie geappelleer word, sal in hoofstuk 4 verdere ondersoek gedoen word[549].

### 2.4.2 Die verontregte

Die Skrif openbaar binne die breë konteks van reg en geregtigheid talle besonderhede oor lede van die verbondsvolk wat onreg ly.

***Die verontregte se reg op regspraak***

- In sy geregtigheid waak God oor die lede van die verbondsvolk, in besonder dié lede wat verontreg word.
- Die oomblik as 'n lid van die verbondsvolk in terme van God se geregtigheid op watter manier ook al verontreg word, is so 'n persoon kragtens God se verbondsbelofte op regspraak en regsherstel geregtig.
- 'Beroep doen op' reg dui op 'n sterk persoonlike aanspraak (appèl) op God om in te gryp in die nood van die verontregte.
- Aan die kruis het Christus die reg op regspraak ontbeer en sodoende die sekerheid verwerf dat almal wat in sy Naam tot God om hulp roep wel deur Hom gehoor word.
- Christus verwerf vir sy mede-erfgename die reg om op die reg 'n beroep te doen.
- Die gelowige kan by wyse van gebed tot God nader en beroep doen op herstel van gedane onreg.
- Daarmee saam kan die gelowige Godgegewe regters op aarde nader om in sy nood in te gryp. In dié geval word die beroep hardop uitgespreek en kenbaar gemaak.

---

[548] Sien paragraaf 2.2.3.2; Schmidt, 1950:498; Cremer, 1915:569
[549] Sien in besonder hoofstuk 4.4.4

***Die verontregte se motief***

- As gevolg van die mens se sondige aard kan negatiewe emosies of dryfvere die motief vir die aangaan van 'n regsaak beïnvloed.
- Teenoor die gevaar van eiegeregtigheid en selfhandhawing, beklemtoon Matteus 18:15 dat intense droefheid oor die naaste se (vermeende) skuld voor God die dryfveer vir bestraffing moet wees.
- Geen regsaak kan vrugte dra as dit nie uit liefde vir God, respek vir die gemeenskap van broeders en erkenning van persoonlike geringheid hanteer word nie. Die wet van liefde en soeke na reg verbied iemand om sommer 'n regsaak aan te gaan.
- In die proses van soeke na reg mag die eerste noodsaaklike treë van teregwysing en bestraffing nie oorgeslaan word nie. Eers as dit blyk dat die teenstander die onreg handhaaf, gaan die teregwysing en bestraffing oor in 'n klag.
- Die persoon wat van onreg kla, moet onthou dat hyself 'n sondaarmens is vir wie die reël van Galasiërs 6:1 geld: '… terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie'.
- Diepgewortelde droefheid en benoudheid weens regskrenking behoort die motief te wees waarom die verontregte hom op regspraak beroep.

***Die verontregte se doel***

- Die eerste doel met regspraak is die soeke na God se eer deur te streef na herstel van reg voor sy aangesig. As die Verbondsgod in die regspraak geëer word, sal die regspraak vir sy getroue verbondsgenote verlossend wees.
- Op die basis van hierdie 'vertikale' doel, is onderlinge herstel van reg en gevolglike verlossing uit nood, droefheid en benoudheid die 'horisontale' oogmerk waarmee verontregte gelowiges om regshulp roep. Dié doel word bereik deur die sondaar te bestraf sodat hy sy skuld voor God sal erken en bely. Skuldbelydenis voor God sal noodwendig herstel van versteurde broederbande en vrede tot gevolg hê.
- Wanneer onderlinge onreg voor God reggestel is, word 'n verdere doel verwesenlik, naamlik gesamentlike deelname aan 'n onversteurde erediens waarin God gedank en geloof word vir die uitkoms wat Hy ná verontregting bewerk.
- 'n Vierde doel is die effek wat regspraak op die sondige wêreld het. Die voortgang van die evangelie word versterk wanneer daar onder gelowiges reggespreek en -gedoen word. 'Laat julle lig só skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke (ook regverdige regspraak – GJM) kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik' (Matteus 5:16).

### 2.4.3 Die verontregte se saak

- Die saak van die verontregte kan in een woord saamgevat word: onreg.

- Die onreg wat aangedoen is, kan uiteenlopend van aard wees. Onreg kan onder meer dui op gemene spel, arglistige optrede, slinksheid, onregverdigheid, onbillikheid, enigiets wat nie met die sedes en regte ooreenkom nie, oneerlikheid, ongelykwaardigheid of partydigheid.
- Daar is ŉ gemeenskaplike faktor in alle onreg: die gebod van die Verbondsgod word oortree; dit lei tot verontregting onder lede van die verbondsvolk.

### 2.4.4 Die regter

Verskeie Skrifuitsprake werp lig op die posisie en taak van die regter voor die aangesig van die Regter te midde van die verbondsvolk.

***Gewer en bedienaar van reg***

- God is die hoogste Regter. As hoogste Regter bepaal Hy wat reg is en hoe die reg op aarde bedien moet word. Sy gegewe reg staan objektief vas.
- God bind Homself aan die reg wat Hy ingestel het en oplê. In gelyke mate bind Hy sy verbondsvolk daaraan.
- Regters is nie wetgewers nie, maar wethandhawers en wetstoepassers – dit wil sê bedienaars van die reg. Hulle is diensknegte van God, die hemelse Regter.
- Regters is wettig aangestelde ampsdraers. Die instelling van die regter-amp kom reeds in die vroeë geskiedenis van Israel voor.
- Die afleiding kan tereg gemaak word dat regters bepaalde gawes en skoling vir die bediening van die regter-amp nodig gehad het.
- Meer as een regter is per stad aangestel. In ŉ kollege van regters is meer kennis en wysheid saamgevoeg; dit bied ook beter waarborge teen korrupsie of eensydige beoordeling van sake.
- Dat daar van meet af aan in élke stad van Israel, en boonop volgens die stamme regters en opsigters aangestel is, wys op noodsaaklike desentralisasie van regspraak. Dié desentralisasie word dwarsdeur die Skrif gehandhaaf en ontwikkel.
- Behalwe ŉ menigte plaaslike regbanke was daar in Israel ŉ sentrale regbank wat uit Levitiese priesters en regters en familiehoofde bestaan het. In die sentrale regskollege behartig verskillende regters ter wille van effektiwiteit en ooreenkomstig hulle kwaliteite verskillende sake. Die Sanhedrin, wat in die tyd na die ballingskap ontstaan en gedurende die vroeë Nuwe Testament prominent gefigureer het, het as ‘Hof van Justisie’ gedien.
- Sentrale regspraak het nie die plaaslike regspraak vervang of oorbodig gemaak nie. ŉ Plaaslike hof kan ŉ bepaalde saak na die sentrale hof verwys. ŉ Verontregte persoon kan hom egter ook op die sentrale hof beroep sonder dat sy saak vir meerdere beraadslaging daarheen verwys is.

- Gedurende die Ou Testament word daar geen eksakte onderskeid tussen 'burgerlike' en 'religieuse' regters en regsake gemaak nie. Oudstes in die stadspoort, priesters en konings het oor alle sake reg gespreek. In die Nuwe Testament word egter duidelik tussen regters in die burgerlike hof (Pontius Pilatus en die keiser in Rome) en regters in die *ekklesia* (raad van ouderlinge) onderskei.
- Ampsdraers in die *ekklesia*, sowel as die *ekklesia* self word vir uitspraak in 'n regsaak verantwoordelik gehou.
- Ná Christus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, het Christus aan die wettig ingestelde raad van apostels, in wie se amp alle latere amptelike bevoegdheid inbegrepe is, amptelike gesag verleen. As die apostels wegval, regeer en lei Christus elke plaaslike kerk deur die besondere amp van die Woordbedienaar en die ouderlinge.
- Christus bewerk ook gemeenskap tussen kerke onderling. Plaaslike kerke moet mekaar met hulp en raad, ook wat regspraak betref, bedien.
- Goddelike teenwoordigheid dien tot bemoediging van hulle wat moet regspreek; dit onderstreep tegelyk die ontsaglike verantwoordelikheid van die aardse regters teenoor die hemelse Regter.

***Die ingesteldheid van die regsdienaar***

- Regters moet bekwame, wyse, verstandige en ervare manne wees wat amptelike diens kan verrig. Hulle moet aan Geesvervuldheid, Godsvrees, betroubaarheid en geloofwaardigheid geken word. Hulle moet onregverdige wins haat en onomkoopbaar wees. In hulle daaglikse handel en wandel moet hulle bo verdenking wees.
- Regters moet in hulle optrede onbevooroordeeld wees, sonder aansien des persoons oordeel, besondere aandag vir swakkes en verdruktes hê – sonder om hulle voor te trek of om hulle reg te verdraai – en konsekwent in hulle regspraak wees. In die regspraak gaan dit oor bestryding van onreg, partydigheid en omkopery.
- Regters moet bereid wees om die HERE en hulle naaste te dien. Dienende regspraak word geken aan geloof, wysheid, onderskeidingsvermoë, liefde, betroubaarheid, eerlikheid, versigtigheid, deurtastendheid en deskundigheid. Billikheid is 'n skriftuurlike eis met betrekking tot regspraak. Elke saak moet op eie meriete oorweeg word.
- Die werk van regters moet voortdurend krities beoordeel word ten einde te verseker dat regverdige regspraak geskied. Die Skrif waarsku indringend teen regskrenking deur regters. Regskrenking kan op verskeie maniere plaasvind, waaronder persoonlike bevoordeling, omkopery of maatskaplike druk. Growwe onreg geskied wanneer 'n regter onder druk van 'n massa swig.
- Regters moet verantwoordelikheid aanvaar vir die regspraak wat hulle lewer. Hulle is aan die hemelse Regter verantwoording oor hulle regspraak verskuldig.

***Die taak van die regsdienaar***

- Dit is die taak van die regter in Israel om die juridiese ewewig, wat as gevolg van onreg versteur is, te herstel.
- 'n Onderskeid word tussen die omvang, moeilikheidsgraad en inhoud van regsake getref. Ooreenkomstig hulle onderskeie gawes is regters geraadpleeg om sake te ondersoek en reg te spreek. Deur verdeling van pligte kom daar verligting van werk. Bowendien lei meerdere beraadslaging tot bevordering van goeie regspraak.
- Bediening van reg loop hand aan hand met 'help'. God eis dat regters in Israel verontregte lede van die verbondsvolk deur middel van regverdige regspraak in hulle onreg bystaan en hulle daaruit help.
- Suiwer bediening van reg word ten volle sigbaar in die optrede van die beloofde Messias. Hy doen reg aan verdruktes. Hy gee aan die regverdiges wat hulle van Godsweë beloof is. Hy verkondig God se reg en roep sy luisteraars tot geregtigheid op.
- Bediening van reg is ondergeskik aan God se Woord, en daarom toetsbaar aan die Woord.
- Afgesien van die regspraak wat hulle moet lewer, moet regters die volk op grond van algemene Godgegewe rigtingwysers oor 'n lewe in ware Godsvrees onderrig. Die onderrig bevat tewens 'n element van waarskuwing. Israel moet deur voortdurende wetsonderrig leer om nie van God se wet af te wyk of daarteen in opstand te kom nie.

### 2.4.5 Regspraak

Uit die bestudering van die Skrif kan die volgende stappe met betrekking tot die proses van regspraak in geval van verontregting onderskei word.

***Bekendmaking van 'n regsaak***

- Iemand wat verontreg is moet die regsgronde vir sy verontregting in afhanklikheid van die Here ernstig ondersoek, voordat 'n regskollege genader word om 'n ondersoek in te stel en regspraak te lewer.
- Die verontregte lid van die verbondsvolk (na hemelvaart: die kerk) moet aan die vertrek-punt vashou dat hy en die party wat hom onreg aangedoen het mekaar se broeders is, nieteenstaande die feit dat hulle 'n regsgeding met mekaar het. Geskille hef die broeder-skap nie op nie, maar moet eerder as basis vir die herstel van reg dien.
- Voordat 'n regsaak aanhangig gemaak word, moet die verontregte gelowige aan die sondaar-medegelowige 'n diens bewys deur na hom te gaan en hom op sy sonde te wys. Versuim om dit te doen, kom neer op ontrou jeens God en die naaste.

- Die verontregte gelowige moet sy medegelowige(s) wat hom 'n onreg aangedoen het, bestraf deur die sonde wat gepleeg is aan die lig te bring, rekenskap daaroor te vra, die verkeerdheid daarvan uit te wys en vanuit die gebod van God 'n gepaste vermaning te rig.
- Dié bestraffing moet onder vier oë plaasvind. In die geval van berou en skuldbelydenis is daar wins – in die hemel én op aarde.
- Wanneer 'n bestraffing onder vier oë nie die gewenste uitwerking het nie, moet die verontregte gelowige 'n tweede poging tot behoud aanwend deur getuies saam te neem. Getuies moet die sondaar bearbei, en – indien nodig – in 'n latere regsproses getuienis lewer.
- In verband met regspraak volgens die 'reël van Matteus 18' moet teen twee gevare gewaak word: formalisme en spiritualisme. Die reg beteuel die valse drif van die aanklaer en beskerm die posisie van die aangeklaagde.
- Wanneer die verontregte ooreenkomstig die voorskrifte van God se Woord nie anders kan as om tot 'n formele regsaak oor te gaan nie, geskied dit by wyse van 'n openbare sitting.

***Hantering van 'n regsaak***

- Die regsproses word deur die verontregte as aanklaer begin. Die verontregte stel sy saak, tesame met die redes waarom hy meen dat hy verontreg is. Regters moet te alle tye bereid wees om gehoor te gee as iemand 'n klag van verontregting lê en op reg aanspraak maak.
- Regters moet 'n aangeklaagde, sonder aansien des persoons, tot 'n regsgeding dagvaar. Die aangeklaagde word, nadat die verontregte sy klag gestel het, geleentheid gegee om sy saak persoonlik teenoor die klaer te stel.
- Nadat die klaer en die aangeklaagde aangehoor is, kry beide geleentheid om getuies op te roep. Getuies moet weet dat hulle getuienis 'n saak van groot erns is.
- Deur middel van wedersydse ondervraging moet die regter die inhoud van die klag van verontregting sover moontlik kontroleer en verifieer. Die feite op grond waarvan reg gespreek word, moet vasstaan. Daar mag nie op gerugte afgegaan word nie.
- Die regter moet deeglik ondersoek doen deur regsvrae te stel en langs dié weg sake onderskei, saamvoeg en met mekaar vergelyk sodat tot die kern van die vermeende onreg deurgedring word.
- Die saak in geding, naamlik die klag van verontregting, moet aan die hand van God se Woord gemeet word.

***Bevinding en uitspraak***

- Na afloop van die ondersoek moet die regter tot 'n regsbevinding kom deur die reg en onreg van alle betrokkenes met duidelike bewyse aan te toon.

- Die regter moet ’n regsoordeel oor die partye fel.  Aan beide partye moet toegeken word wat hulle toekom.
- Die uitspraak van die regter is regsgeldig en daarom bindend.  Die uitspraak ontleen sy gesag nie aan die kwaliteit of die persoon van die regter nie, maar aan die belofte van die HERE dat Hy die seën van die oplossing van onoplosbare vrae deur die mond van sy getroue dienare bring.
- Die regsproses moet sonder onnodige uitstel met spoed verloop.  In die uitspraak van regters moet klaers en aangeklaagdes die hand en stem en leiding van die HERE bemerk. Die Godgegewe reg moet tegelyk pastoraal-bewoë bedien word aan hulle wat onreg gedoen het én aan hulle wat onder die gedane onreg gely het.

### 2.4.6 Regsherstel

***Regsherstel as doel en gevolg van regspraak***

- Die versoeningswerk van Christus het ’n besondere effek op die gemeenskap van gelowiges.  Die gemeenskap van gelowiges moet vanuit die versoening met God ook – in geval van onderlinge onenigheid – met mekaar versoen raak.  Daar mag geen vervreemding tussen gelowiges bestaan nie.  Die eenmalige feit van Christus se versoening moet meermalig aan die gevalle wêreld bedien word.  Bediening van die versoening sluit sowel die verkondiging as die belewing daarvan in.
- Versoening is gerig op die herstel van ewewig wat as gevolg van misdaad of onreg versteur is.  Die effek van versoening is herstel van ’n gebroke verhouding.  Uit die versoening vloei vrede voort:  vrede met God, innerlike vrede, en vrede tussen hulle wat eens van mekaar geskei was.
- Ampsdraers op aarde bedien die versoening, maar God gee en waarborg dit.
- Die wesenlike elemente van versoening is:  herkenning van skuld;  erkenning van skuld; belydenis van skuld;  pleit op die soenoffer (Christus);  bereidwilligheid om te vergewe en aanvaarding van die soenoffer (wat die verontregte betref);  lewe uit die vergewing;  die soeke na paaie en middele om verhoudings en situasies wat versteur was, te verander.
- Regspraak kan in die lig hiervan nooit abstrak en formeel wees nie.  Regsuitsprake wil mense oortuig.  Die uitspraak word ’n appèl op die broederhart.  Onreg moet uitgesuiwer word en plek maak vir reg.
- Regspraak is nog nie afgehandel as die regter bevind het wie gelyk en wie ongelyk het nie. Die einddoel van regspraak is dat alles weer in orde kom, dat mense gelei word op die weg van vrede.  In sake waar twee mense op ’n suiwer persoonlike vlak met mekaar bots, moet regters poog om met hulle regsuitspraak tot onderlinge versoening by te dra.
- Vrede sal slegs ’n werklikheid word as die uitspraak van die regter deur alle betrokkenes in gehoorsaamheid aan God eerbiedig word.

- Verontagsaming van 'n regsuitspraak is niks anders nie as verontagsaming van die HERE. Die persoon wat nie wil buig voor die gesag van die HERE nie, moet weens sy eiewaan gestraf word. Tug oor verbondsbreuk deur 'n enkeling werk genesend vir die verbondsvolk in geheel.

***Eskatologiese verwagting insake regspraak***

- Ou Testamentiese profete moes die verbondsvolk Israel en die regters in Israel by herhaling daaraan herinner dat God die Regter is wat op die dag van die HERE finaal gaan oordeel. Met die oog op die aanbreek van dié dag moet regters nougeset regspraak lewer.
- Ook vir die Nuwe Testamentiese gelowiges bly daar 'n eskatologiese verwagting oor. Met die wederkoms van die Christus sal Hy as Regter kom om in geregtigheid finaal oor lewendes en dooies te oordeel.
- Die koms van Christus as Regter in die eindoordeel is vir die gelowige verontregte 'n bron van vreugde, aangesien Christus die laaste en hoogste Regter sal wees op Wie appèl gedoen kan word. Christus is tegelyk Vredevors vir almal wat in Hom glo.